

JAARBOEK 2012

FAKULTEIT REGTE
VOORGRAADS & NAGRAADS

Potchefstroomkampus

Rig alle korrespondensie aan

Die Registrateur
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus
Privaatsak X6001
Potchefstroom
2520

Tel: (018)299-1111/2222

Faks: (018)299-2799

Internet: <http://www.nwu.ac.za>

U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD.

Die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle studente hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel op die web: <http://www.puk.ac.za/jaarboek/index.html>.

Let Wel: Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke student se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.

Inhoudsopgawe

R.1	FAKULTEITSREËLS.....	1
R.1.1	GESAG VAN DIE A REËLS	1
R.1.2	FAKULTEIT SPESIFIEKE REËLS.....	1
R.1.2.1	Modules en Krediete	1
R.1.2.2	Verhouding tussen krediete en geagte leerure	1
R.1.2.3	Erkenning van vorige leer.....	1
R.1.2.4	Registrasie	2
R.1.2.5	Professionele etiek.....	2
R.1.2.6	Taalmedia	2
R.1.2.7	Oorgangsreëls	2
R.1.2.8	Evaluering van akademiese geletterdheid	2
R.1.2.9	Beëindiging van studies	3
R.1.2.10	Inskrywing volgens rooster	3
R.1.2.11	Eksaminering-voorgaads	4
R.1.2.12	Eksamensubminimum	4
R.1.2.13	Toekenning van graad met lof en onderskeiding in 'n module.....	5
R.1.2.14	Herhaling van modules.....	5
R.1.2.15	Registrasie van bykomende modules	6
R.1.2.16	Vordering in 'n kurrikulum gebaseer op voorvereistes	6
R.1.3	WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT	6
R.1.4	KAPASITEITSBEPALINGS.....	6
R.1.5	KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS	6
R.1.6	MODULELYS	8
R.1.6.1	Opmerkings met betrekking tot bepaalde modules.....	13
R.1.6.2	Fakulteit spesifieke toelatingsvereistes met betrekking tot taalmodules.....	14
R.1.7	REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS LEGUM (LL B).....	17
R.1.7.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	17
R.1.7.2	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie	17
R.1.7.3	Kwalifikasie uitkomst	17
R.1.7.4	Artikulasiemoontlikhede	18
R.1.7.5	Skripsie (JURI 425)	18
R.1.7.6	Samestelling van kurrikulum R410P	19
R.1.7.7	Keusemodules	20

R.1.8	REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM (BA) MET REGSVAKKE	21
R.1.8.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	21
R.1.8.2	Toelatingsvereistes vir die program	21
R.1.8.3	Program uitkomste	21
R.1.8.4	Artikulasiemoontlikhede	22
R.1.8.5	Samestelling van kurrikulum R302P	23
R.1.8.6	Keusemodules	24
R.1.9	REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS COMMERCII (BCOM) MET REGSVAKKE	25
R.1.9.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	25
R.1.9.2	Toelatingsvereistes vir die program	25
R.1.9.3	Kwalifikasie uitkomste	25
R.1.9.4	Artikulasiemoontlikhede	26
R.1.9.5	Enkele modules om 'n graad te voltooi:.....	27
R.1.9.6	Studente wat na 'n tydperk studies wil hervat.....	27
R.1.9.7	Samestelling van kurrikulum R301P	28
R.1.10	REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER LEGUM (LL M) EN MAGISTER PHILOSOPHIAE (MPHIL)	29
R.1.10.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	29
R.1.10.2	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie	29
R.1.10.3	Kwalifikasie uitkomste	30
R.1.10.4	Fakulteit spesifieke reëls vir kwalifikasie.....	31
R.1.10.5	Programme vir die LL M / MPhil graad	33
R.1.10.6	Lys van LL M en LL D modules	37
R.1.11	REÛLS VIR DIE GRAAD DOCTOR LEGUM (LL D)	38
R.1.11.1	LL D verwerf deur die skryf van 'n proefskrif.....	38
R.1.11.2	Duur (minimum en maksimum duur).....	38
R.1.11.3	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie	39
R.1.11.4	Eksaminering	39
R.1.11.5	Beëindiging van studies	40
R.1.11.6	Kwalifikasie uitkomste	40
R.1.11.7	Samestelling van die kurrikulum Doctor Legum (605 104)	40
R.2	MODULE UITKOMSTE.....	41
R.2.1	MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT REGTE	41
R.2.2	MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE	61

R.2.3	MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT GESONDHEIDS- WETENSKAPPE	78
R.2.4	MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE	81
R.2.5	NAGRAADSE MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT REGTE	98

Ampsdraers

DEKAAN

Prof F Venter

DIREKTEURE:

Navorsingseenheid (Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat)

Prof W du Plessis

Nagraadse programme

Prof GJ Pienaar

Onderrig

Prof PJW Schutte

Kwaliteit en Skakeling

Me MC Roos

Regskliniek

Mnr SWJ Meyer

ADMINISTRATIEWE BESTUURDER

Me A Marais

FAKULTEITSRAAD

Verteenwoordiger van die SRVP	Lubbe HJ
Booyesen I	Lubbe WD
Botes A	Meyer SWJ
Crous AJ	Pienaar GJ
De la Harpe SPLR	Rautenbach C
Du Plessis AA	Robinson JA
Du Plessis W	Roos MC
Du Toit PG	Scholtz W
Erlank W	Schutte PJW
Feldhaus C	Stander AL

Ferreira GM

Horsten DA

Klaasen B

Kloppers HJ

Koraan RHC

Kotzé LJ

Lendor N

Stewart L

Terblanché A

Van den Berg AF

Van der Merwe APS

Van der Schyff E

Venter F

Vorster A

EREPROFESSORE

Van Zyl DH

Wessels L

BUITENGEWONE EN MEDE-PROFESSORE

Coetzee JP

De Wet E

Diedrich F

Eiselen GTA

Hugo CF

Joubert AP

Olivier NJJ

Olivier MP

Pienaar GH

Pienaar WJM

Van Genugten JM

Verschuuren JM

Vorster I

BUITENGEWONE SENIOR LEKTORE

Bouillon S

Chetty I

Du Plessis I

Myburgh PH

Van der Linde M

Van der Walt T

R.1 FAKULTEITSREËLS

R.1.1 GESAG VAN DIE A REËLS

Die fakulteitsreëls, wat ten aansien van die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums van hierdie Fakulteit geld en in hierdie fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie Algemene Reëls saamgelees word.

Studente wat vir BA Regte en B Com Regte registreer word verwys na die jaarboeke van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vir fakulteit spesifieke reëls wat op hulle van toepassing is.

R.1.2 FAKULTEIT SPESIFIEKE REËLS

R.1.2.1 Modules en Krediete

Die leerstof vir elke graad is in modules verdeel en elke module het 'n bepaalde kredietwaarde. Elke module word afsonderlik geëksamineer.

R.1.2.2 Verhouding tussen krediete en geagte leerure

Die aantal kredietpunte wat aan elke module ooreenkomstig die Universiteit se A-reëls toegewys word, word aangedui in reël R1.7.6, R1.8.6, R1.9.7, R1.10.5 en R1.11.7

R.1.2.3 Erkennung van vorige leer

Die Noordwes-Universiteit aanvaar die beginsels onderliggend aan uitkomsgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin oorwegings van artikulasie en mobiliteit 'n betekenisvolle rol speel. Die Noordwes-Universiteit onderskryf verder die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy dit in formele onderrigleerprogramme by hierdie of 'n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen is, 'n onontbeerlike element by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne 'n uitdruklik gekose onderrigleerprogram van die Universiteit uitmaak.

By die erkenning van vorige leer handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat 'n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele onderrigleerprogramme te deurloop, of deur ervaring. Te alle tye sal die vraag wees watter vlak van vaardigheid, beoordeel in die konteks van die uitreevlakvaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of modules daarbinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, en nie bloot om die ervaring wat 'n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkennung van vorige leer geskied dus ooreenkomstig die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek gedemonstreer het, met inagneming van die uitreeuitkomst wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.

Die Noordwes-Universiteit aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die bestaande beleid oor die toelating van en kredietverlening aan voornemende of bestaande studente hetsy van hierdie of 'n ander instelling – op 'n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied.

Vir die hantering van 'n aansoek om erkenning van vorige leer is daar 'n nïet terugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.

Aansoeke vir erkenning van vorige leer in die voorgraadse programme geskied ooreenkomstig die goedgekeurde beleid en A-reëls en sluit 30 Junie met die oog op toelating tot die Universiteit.

R.1.2.4 Registrasie

Registrasie is die voorgeskrewe voltooide proses wãn student deurloop het om as student van die Universiteit ingeskryf te word.

'n Toegelate student registreer jaarliks vir die duur van die studie vir 'n spesifieke studieprogram op die tyd en plek deur die Universiteit daarvoor bepaal. Die proses behels dat die voorgeskrewe registrasiegeld betaal word, die registrasievorm voltooi en die nodige handtekeninge daarop aangebring is, waardeur aangedui word dat die Direkteur Onderrig die studente se keuse van voorgraadse modules vir die jaar goedkeur.

Die registrasievorm word deur die studente by die registrasieafdeling ingedien waarop 'n bewys van registrasie uitgereik word.

R.1.2.5 Professionele etiek

Regstudie bied toegang tot die regsprofessie. Toegang tot die regsprofessie is daarvan afhanklik dat 'n applikant gereken word as geskik om tot die professie toe te tree. Weens die hoë etiese standaarde wat in die regsprofessie gestel word, is dit onwaarskynlik dat 'n persoon wat regtens gestraf word of teen wie dissiplinêr opgetree word weens optrede wat dui op oneerlikheid, tot die regsprofessie toegelaat sal word, nïeteenstaande goeie akademiese prestasie.

R.1.2.6 Taalmedia

Die voorgraadse programme word in Afrikaans aangebied. Tolking vanaf Afrikaans na Engels is in alle regsmodules in die voltydse programme beskikbaar. Eksamens en ander evaluerings, sowel as korrespondensie, kan in alle programme na keuse in Afrikaans of Engels afgelê of gevoer word.

Die nagraadse programme se taalmedia word *ad hoc* bepaal.

R.1.2.7 Oorgangsreëls

Die Direkteur Onderrig en Direkteur Nagraadse programme reik waar nodig oorgangsreëls uit ten einde die oorgang van bestaande programme na nuwe programme moontlik te maak.

R.1.2.8 Evaluering van akademiese geletterdheid

- a) Alle voorgraadse studente wat vir die eerste keer aan die Universiteit registreer, moet hulle op 'n tyd en plek wat deur die Universiteit bepaal word, aanmeld vir 'n verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid ten einde hulle vermoë om in 'n akademiese omgewing te funksioneer, te evalueer. Die doel van die toets is om studente te identifiseer wat vanweë onvoldoende akademiese vaardighede die risiko loop om hulle studieprogram nïe suksesvol binne die toegelate tydperk te voltooi nïe.
- b) Studente besluit self of hulle die verpligte vaardigheidstoets in Afrikaans of in Engels wil aflê. Met die uitsondering van studente wat

deur die toets as grensgevalle uitgewys word, kry elke student slegs een geleentheid om die toets af te lê. Studente wat as grensgevalle beskou word, kry 'n tweede geleentheid.

- c) Studente wat deur die toets as risikogevalle geïdentifiseer word, moet vir die module AGLA111 [Afrikaans] of AGLE111 [Engels] registreer, afhangend van die taal waarin hulle die verpligte vaardigheidstoets afgelê het. Hierdie modules word nie vir kredietdoeleindes van kurrikulums in berekening gebring nie, maar die krediete wat hiermee verdien word, word as addisionele krediete gereken.
- d) Vir toelating tot die eksamen in AGLA111 / AGLE111 word 'n deelnamepunt van 35% vereis. Studente wat nie tot die eksamen in AGLA111 / AGLE111 toegelaat word nie of die eksamen daarin druip en tesame daarmee twee of meer ander modules ook druip, se studievoortsetting in die daaropvolgende semester word deur die Keurkomitee heroorweeg. AGLA111/AGLE111 moet laastens aan die einde van die tweede historiese jaar geslaag word om die terminering van studies te voorkom.
- e) Vir toelating tot die module AGLA121 / AGLE121, wat vir alle studente wat die eerste keer aan die Universiteit registreer, verpligtend is, moet 'n student wat verplig is om eers AGLA111 / AGLE111 te volg, 'n modulepunt van minstens 40% in AGLA111 / AGLE111 verwerf. Die modules AGLA121 / AGLE121 het 'n gewig van 12 krediete wat deel vorm van die kurrikulum waarvoor die student registreer en moet geneem word in die taal waarin die verpligte vaardigheidstoets en AGLA111 / AGLE111 geneem is.
- f) Studente wat die module AGLA111 / AGLE111 gesak het, maar wel tot AGLA121 / AGLE121 toegelaat is en die eksamen daarin geslaag het, se uitslag van AGLA111 / AGLE111 kan deur die betrokke skooldirekteur tot 'n slaagpunt gekondoneer word.
- g) Studente wat reeds 'n module[s] / kursus[se] soortgelyk aan AGLA111, 121 / AGLE111, 121 aan 'n ander inrigting suksesvol afgelê het en bewys daarvan kan lewer, kan skriftelik by die **Hoof van die Sentrum vir Akademiese en Professionele Taalpraktyk** aansoek om erkenning daarvan doen.
- h) Daar is 'n subminimum in elk van die drie afdelings van AGLA/E121. Studente moet dus al drie afdelings slaag om die module suksesvol af te lê.

R.1.2.9 Beëindiging van studies

'n Voorgraadse student se studies kan getermineer word indien die student se akademiese prestasie in enige drie semesters onbevredigend was. 'n Waarskuwingsbrief word deur die dekaan uitgestuur indien die student in een betrokke semester drie of meer modules gestaak het, nie eksamentoelating verkry het nie, en/of drie of meer modules in die eksamen druip.

Vir die beëindiging van nagraadse studies sien die Algemene Reëls A.7.7

R.1.2.10 Inskrywing volgens rooster

'n Voorgraadse student word nie toegelaat om vir 'n module in te skryf indien daar ooreenkomstig die standaard lesing-, toets- en eksamenrooster 'n roosterbotsing ten opsigte van 'n ander module waarvoor die student ingeskryf is, voorkom nie.

Voordat 'n voorgraadse student finaal oor die keuse van modules besluit, moet hy/sy hom/haar deeglik vergewis van die klasrooster. Indien daar 'n botsing by

'n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke modulekombinasie ontoelaatbaar.

R.1.2.11 Eksaminering-voorgaads

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël A.5.4.

R.1.2.11.1 Skriftelike werk

Ten aansien van die voorbereiding, indiening en eksaminering van alle skriftelike werk wat van die student vereis mag word, is die vorm- en stylvereistes soos van tyd tot tyd deur die Fakulteitsraad gewysig en aangepas, van toepassing.

R.1.2.11.2 Samestelling van die deelnamepunt

Die deelnamepunt vir alle modules word ooreenkomstig die betrokke module se struktuur saamgestel uit die evalueringspunte wat vir toetse, werkstukke, praktiese werk en/of ander assesserings verwerf word. Die deelnamepunt word vasgestel volgens formules wat van tyd tot tyd deur die Direkteur Onderrig bepaal word.

Die verhouding tussen teorie en prakties vir die berekening van die deelnamepunt vir modules is soos uiteengesit in die verskillende modules se studiegids.

R.1.2.11.3 Toelating tot die eksamen

- a) Toelating tot die eksamen in enige module word aan 'n student verleen op grond van die student se verwerwing van 'n deelnamebewys in die betrokke module. 'n Student wat in 'n module 'n deelnamebewys verwerf het, het twee geleenthede waartydens in sodanige module eksamen afgelê kan word, waarvan die student enige een of beide kan benut, met dien verstande dat, waar 'n student beide sodanige geleenthede benut, die punt wat in die tweede eksamen verwerf word, die modulepunt bepaal. Studente wat van die tweede eksamengeleentheid gebruik maak, betaal die gelde daarvoor voorgeskryf.
- b) 'n Minimum deelnamepunt van 40% moet behaal word vir toelating tot die eksamen.
- c) In die modules wat in die eerste semester van die eerste jaar van die program geplaas is, is 'n deelnamepunt van 35% voldoende vir toelating tot die eksamen, vir *bona fide* eerstejaarstudente.

R.1.2.12 Eksamensubminimum

Die eksamensubminimum vir voorgraadse modules in die Fakulteit Regte met 'n JURI-, JURE- en JRP-kode is 45%.

Die eksamensubminimum vir modules (met die uitsondering van JURI 112) wat deur ander fakulteite aangebied word soos byvoorbeeld deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is 40%.

Die eksamensubminimum van LL M/ MPhil modules is 50%.

R.1.2.12.1 Modulepunt

Die modulepunt vir elke module word bereken deur die gemiddeld van die deelnamepunt en die eksamenpunt te bereken, tensy anders voorgeskryf vir spesifieke modules.

R.1.2.12.2 Slaagvereistes

- a) Die slaagvereiste vir elke module is 50%, met dien verstande dat ten minste die subminimum in die eksamen behaal moet word. In geval van modules wat uit meer as een selfstandige vakgebied saamgestel is, soos JURI 414 (Padongelukke en Versekering), JURI 421 (Boedelbereddering) en JURI 423 (Verryking en Estoppel) kan daar ook nog 'n eksamensubminimum van 40% vir elke afsonderlike gedeelte gestel word.
- b) Slegs in die geval van modules wat in die eerste semester van die eerste jaar geplaas is, word die slaagvereiste vir *bona fide* eerstejaarstudente soos volg verlig: indien 'n lae deelnamepunt veroorsaak dat die gemiddeld tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt laer as 50% is, word 'n modulepunt van 50% toegeken mits ten minste 50% in die eksamen behaal is.

R.1.2.12.3 Derde eksamengeleentheid

Die volgende riglyne word gestel ten opsigte van die gebruikmaking van die derde eksamengeleentheid:

- dit moet die enigste uitstaande module wees;
- die student moes toelating tot eksamen gehad het ('n deelnamepunt van minstens 40%);
- die student moes die 1^e of 2^e eksamen geleentheid gebruik het;
- die student moes in dieselfde jaar as die versoek by die Potchefstroomkampus van die NWU vir die betrokke program en module geregistreer gewees het (studente wat vir 'n bepaalde module by Unisa geregistreer is, kan die geleentheid dus nie gebruik nie);
- die student kan 'n maksimum van 50% vir die finale punt behaal;
- die student moet aansoek doen;
- mondelinge assessering moet ingevolge die NWU se Assesserings- en Modereringsbeleid afgeneem word deur panele wat deur die Direkteur Onderrig en/of die Dekaan goedgekeur is.
- die hernasienproses is nie van toepassing nie.

R.1.2.13 Toekenning van graad met lof en onderskeiding in 'n module

'n Student kan 'n graad met lof verwerf en met onderskeiding in modules slaag indien aan die vereistes gestel in A-reëls van die Universiteit voldoen word. 'n Student slaag 'n graad met onderskeiding mits die gemiddelde van die kernmodules 75% behaal is binne die minimum studietydperk. Vir doeleindes van die LL B kurrikulum geld alle modules wat "JURI/JURE/JURP" in die modulekode bevat.

R.1.2.14 Herhaling van modules

Indien 'n student nie tydens een van die twee eksamengeleenthede wat volg op die verwerping van 'n deelnamepunt vir 'n bepaalde module in die eksamen slaag nie, moet die module herhaal word en 'n nuwe deelnamepunt opgebou word.

R.1.2.15 **Registrasie van bykomende modules**

Geen student mag vir meer as 24 krediete per semester bykomend by die voorgeskrewe modules van die betrokke semester waarvoor hy ingeskryf is registreer nie. Uitsonderings kan slegs in die finale jaar toegelaat word. Eerstejaarstudente mag nie vir meer as 12 krediete per semester registreer nie. Die bepalings in die Algemene Reëls, A5.3.5 is van toepassing.

R.1.2.16 **Vordering in 'n kurrikulum gebaseer op voorvereistes**

'n Module van enige vak kan slegs geneem word indien die student reeds voldoen het aan die voorgeskrewe voorvereiste soos in die lys van modules voorgestel word.

R.1.3 **WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT**

Werkstukke is individuele take en nie groepaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepaktiwiteit). Vir meer besonderhede gaan na:

<http://www.puk.ac.za/beheer-bestuur/beleid-reels/index.html>

R.1.4 **KAPASITEITSBEPALINGS**

Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.

R.1.5 **KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS**

Die volgende grade kan in die Fakulteit Regte toegeken word:

EERSTE BACCALAUREUS GRADE				
Kwalifikasie	Program en Kode	Kurrikulum en Kode	Metode van Aflewering	NKR vlak
Baccalaureus Legum (LL B)	607 107*	R410P	Voltyds	8
Baccalaureus Artium (BA)	met regsvalke 100 145	R301P R302P	Voltyds	7
Baccalaureus Commercii (BCom)	met regsvalke 500 183	R301P	Voltyds	7
MAGISTER EN DOKTORS GRADE				
Kwalifikasie	Program en Kode	Kurrikulum en Kode	Metode van Aflewering	
Magister Legum (LL M)	Regte** 604 104	R826P Internasionale Aspekte van die Reg	Voltyds en Deelyds	9
		R827P Perspektiewe op die Reg	Voltyds en Deelyds	9
		R828P Handel- en Besigheidsreg	Voltyds en Deelyds	9

		R829P Privaatreg	Voltyds en Deeltyds	9
		R830P Staatsreg	Voltyds en Deeltyds	9
		R831P Formele Reg	Voltyds en Deeltyds	9
		R832P Regsprofessie	Voltyds en Deeltyds	9
	Arbeidsreg 604 105	R810P	Voltyds en Deeltyds	9
	Boedelreg 604 111	R823P	Voltyds en Deeltyds	9
	In- en Uitvoerreg 604 112	R824P	Voltyds en Deeltyds	9
	Omgewingsreg en -beheer 604 114	R821P	Voltyds en Deeltyds	9
In samewerking met Justus Liebig Universiteit, Giessen, Duitsland	Vergelykende Kinderreg ** 604 116	R807P	Voltyds	9
Magister Philosophiae (MPhil)	Omgewingsreg en -beheer 187 101	R822P	Voltyds en Deeltyds	9
Doctor Legum (LL D)	Regte** 605 104	R906P Internasionale Aspekte van die Reg	Voltyds en Deeltyds	10
		R907P Perspektiewe op die Reg	Voltyds en Deeltyds	10
		R908P Handel- en Besigheidsreg	Voltyds en Deeltyds	10
		R909P Privaatreg	Voltyds en Deeltyds	10
		R910P Staatsreg	Voltyds en Deeltyds	10
		R911P Formele Reg	Voltyds en Deeltyds	10
		R912P Regsprofessie	Voltyds en Deeltyds	10

* Keusemodules in die LL B program word slegs aangebied indien die Direkteur Onderrig van oordeel is dat voldoende aanvraag vir die module/s bestaan.

** Die LL M programme en keusemodules in programme word slegs aangebied indien die Direkteur Nagraadse programme van oordeel is dat voldoende aanvraag vir die program bestaan.

** LL M studente kan slegs vir 'n navorsingsonderwerp in enige regsmodule registreer indien die Direkteur Nagraadse programme van oordeel is dat voldoende deskundigheid vir effektiewe leiding aan studente in die fakulteit beskikbaar is.

R.1.6 MODULELYS

Sien die opmerkings hier onder by R1.6.1 vir modules wat met 'n * gemerk is.

Modulekode	Beskrywende Naam	Voorvereistes	Krediete
Modules aangebied deur Fakulteit Regte			
JURI 111	Inleiding tot die Reg		12
JURI 112*	Taalvaardigheid in Regskonteks		8
JURI 113	Regsgeskiedenis		12
JURI 114	Persone- en Regspersonereg		12
JURI 121	Inheemse Reg		12
JURI 122	Regsvaardighede		12
JURI 123	Kontemporêre Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg		12
JURI 124	Erfreg		12
JURI 211	Strafreg: Algemene Beginsels		12
JURI 213	Strafprosesreg		12
JURI 214	Staatsreg		12
JURI 215	Ondernemingsreg		12
JURI 216	Familiereg		12
JURI 217	Uitleg van Wette		12
JURI 221	Strafreg: Besondere Misdade		12
JURI 223	Strafprosesreg		12
JURI 224	Arbeidsreg		12
JURI 225	Deliktereg		12
JURI 226	Sakereg		12
JURI 311	Landdroshofprosesreg		12
JURI 312	Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding		8
JURI 313	Regsfilosofie		12
JURI 314	Bewysreg		12
JURI 315	Kontraktereg		12
JURI 316	Volkereg		12
JURI 317	Navorsingsmetodologie		8
JURI 321	Administratiefreg		12
JURI 322	Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding		8
JURI 323	Hooggeregshofprosesreg		12
JURI 324	Fundamentele Regte		12
JURI 325	Bewysreg		12
JURI 326	Insolvensiereg		12
JURI 327*	Besondere Kontrakte		12
JURI 411	Verhandelbare dokumentereg en Elektroniese Handel		12
JURI 414	Padongelukkevergoeding- en Versekeringsreg		12

JURI 415	Skadevergoedingsreg		12
JURI 421	Boedelberedding		12
JURI 423	Verryking en Estoppel		12
JURI 424	Regsfilosofie en Etiek		12
JURI 425	Skripsie		12
Keusemodules aangebied deur Fakulteit Regte			
JURE 311	Alternatiewe Geskilbeslegting		12
JURE 313*	Belastingreg		12
JURP 321	Ontwikkelings- en Plaaslike Owerheidsreg		12
JURP 323	Regspluralisme: Godsdienstige Regstelsels		12
JURE 411	Omgewingsreg		12
JURE 412*	Skynhof		12
JURE 413	Intellectuele goederereg		12
JURP 411	Sosio-ekonomiese Regte		12
JURE 421	Internasionale Privaatreg		12
JURP 421	Grond- en Aktesreg		12
Modules en keusemodules aangebied deur Fakulteit Lettere en Wysbegeerte			
*Sien die opmerkings hier onder by R1.6.1 en R1.6.2 in verband met spesifieke reëls van toepassing op taalmodules			
AFNP 111	Afrikaans: taal sonder grense		12
AFNP 121	Afrikaanse en Nederlandse taal-en literatuurstudie: die wetenskaplike proses		12
AFNP 118*	Beginnersafrikaans: Inleidend		4
AFNP 128*	Beginnersafrikaans: Gevorderd		4
AGLA 111	Inleiding tot Akademiese Geletterdheid		12
AGLA 121	Akademiese Geletterdheid	AGLA/AGLE111(40)	12
AGLE111	Introduction to Academic Literacy		12
AGLE121	Academic Literacy	AGLA/AGLE111(40)	12
AKLR 112*	Ou Nabye Ooste en Griekeland		12
AKLR 122*	Antieke Rome en ander Kulture		12
ATSN 111	Setswana: Inleidende Grammatika en Taalvaardigheid		12
ATSN 121	Setswana: Grammatika en Taalvaardigheid	ATSN 111 (40)	12
ENLL 111	Introduction to literary genres (I)		12
ENLL 121	Introduction to literary genres (II) and grammatical analysis	ENLL 111 (60%)	12
ENLL 211	Development of literary genres (I) and development of grammatical complexity	ENLL 121	16
ENLL 221	Development of literary genres (II) and applied linguistics	ENLL 211 (40)	16
ENLL 311	Key periods in literature, historical linguistics and stylistics	ENLL 221	32

ENLL 321	South Africa and the world: Postmodern and contemporary literature, sociolinguistics and advanced linguistics analysis	ENLL 311 (40)	32
ENLS 111	English for specific purposes		12
ENLS 121	Practical English for Professional Purposes		12
FREN 111	Frans vir beginners 1		12
FREN 121	Frans vir beginners 2	FREN 111 (40) of FREB 111 (40)	12
FREB 111	Sakefrans vir beginners 1		12
FREB 121	Sakefrans vir beginners 2	FREN 111 (40) of FREB 111 (40)	12
GERM 111	Duits elementêr 1		12
GERM 121	Duits elementêr 2	GERB111 (40)of GERM111 (40) of gelykwaardige taalkwalifikasie en slaag van toelatingstoets	12
GERB 111	Sakeduits elementêr 1		12
GERB 121	Sakeduits elementêr 2	GERB111 (40)of GERM111 (40) of gelykwaardige taalkwalifikasie en slaag van toelatingstoets	12
JURI 112*	Taalvaardigheid in Regskonteks		8
LATN 112	Latyn vir almal		12
LATN 122	Regs- en kerklatyn	LATN 112	12
PHIL 111	Etiese vraagstukke		12
PHIL 121	Denkvaardighede		12
PHIL 211	Ontologie		16
PHIL 221	Geskiedenis van die Filosofie		16
PHIL 311	Mens, Kennis en Samelewing		16
PHIL 312	Kultuur en Moraliteit		16
PHIL 321	Taal, Godsdienst, Kuns en Ekonomie		16
PHIL 322	Navorsingsprojek		16
POLI 112	Inleiding tot Politieke Studie		12
POLI 123	Die Suid-Afrikaanse politieke stelsel		12
POLI 213	Vergelykende politiek		16
POLI 223	Afrika-politiek		16
POLI 312	Politieke Filosofie		32
POLI 322	Politieke deelname en interaksie		32
SETM 111	Setswana eerste taal: Geskiedenis van die Setwana-ortografie; kommunikasievaardighede		12

SETM 121	Inleiding tot die Setswana-grammatika, morfologie en tradisionele letterkunde	SETM 111(40)	12
WVGW 221*	Ken en verstaan die Gesondheidswêreld	Studente met Psigologie as hoofvak neem die module	12
WVSS 221	Verstaan die Sosiale en Politieke Wêreld	Alle BA Regte studente kan die module neem	12
WVCS 221	Verstaan die Kulturele Wêreld	Studente met Engels as hoofvak neem die module	12
WVES 221	Verstaan die Ekonomiese Wêreld	Studente met Bedryfsielkunde as hoofvak neem die module	12
WVLS 312*	Taal en Letterkunde Filosofie	Studente met Engels as hoofvak neem die module	12
WVLS 313*	Kultuurfilosofie:kritiese perspektiewe op “megatrends” in die hedendaagse kultuur	Studente met Politieke Studies as hoofvak neem die module	12
WVLS 314*	Mens en samelewing: kritiese perspektiewe op kontinuïteit en verandering/transformasie	Studente met Politieke Studies as hoofvak kan ook hierdie module neem	12
WVES 311	Sake-etiek	Studente met Bedryfsielkunde as hoofvak neem die module	12
Modules aangebied deur die Fakulteit Gesondheidswetenskappe			
PSYC 111	Inleiding tot Psigologie		12
PSYC 121	Sosiale en Gemeenskapspsigologie		12
PSYC 211	Ontwikkelingspsigologie		16
PSYC 212	Persoonlikheidspsigologie		16
PSYC 221	Positiewe Psigologie		16
PSYC 311	Psigopatologie		16
PSYC 312	Navorsing en Psigometrie		16
PSYC 321	Basiese Hulpverlening en etiese gedrag		16
PSYC 322	Toegepaste Psigologie		16
Modules en Keusemodules aangebied deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe			
ACCF111*	Finansiële Rekeningkunde: basiese konsepte, rekeningkundige stelsels en elementêre finansiële verslagdoening	Wiskunde vlak 3 (40 – 50%)	16
ACCF121	Finansiële Rekeningkunde: elementêre finansiële verslagdoening, vennootskappe, beslote korporasies en maatskappye	ACCF111 (40%), of ACCC111 (40%)	16

ACCF211	Finansiële Rekeningkunde: Finansiële Verslagdoening	ACCF111, 121 of ACCC111, 121	16
ACCF221	Finansiële Rekeningkunde: Spesiale Onderwerpe en Elementêre Groepstate	ACCF211 (40%) of ACCC271 (40%)	16
ACCF311	Finansiële Rekeningkunde: Groepstate en Inleiding tot Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaarde (IFRS)	REKP211, 221 of RECP271	16
ACCF321	Finansiële Rekeningkunde: Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaarde (IFRS)	REKP311 (40%) of RECP371 (40%)	16
ACCS111	Finansiële Rekeningkunde (Spesiaal) Basiese konsepte, rekeningkundige siklus en rekeningkundige stelsels.		16
ACCS121	Finansiële Rekeningkunde (Spesiaal): Finansiële verslagdoening, elementêre ontleding en vertolking van finansiële state.	ACCS11 (40%)	16
BMAN111	Inleiding tot Ondernemingsbestuur		12
BMAN121	Algemene Bestuur		12
BMAN211	Inleiding tot Bemerkingsbestuur		16
BMAN221	Aankoop- en Voorsieningskettingbestuur		16
BMAN 311	Finansiële Bestuur		16
BMAN 321	Strategiese Bestuur		16
BMAR 312	Prys- en Distribusiebesluite		16
BMAR 321	Bemerkingsnavorsing		16
ECON 111	Inleiding tot Ekonomie		12
ECON 121	Basiese Mikro- en Makro-ekonomie		12
ECON 211	Makro-ekonomie	ECON 121 & WISN 123/112	16
ECON 221	Mikro-ekonomie	ECON 121 & WISN 112/123	16
ECON 311	Fiskale en Monetêre Beleid	ECON 211 & 221	16
ECON 321	Ekonomiese Analise	ECON 211	16
EKIP 211	Internasionale Handelsbetrekkinge		16
EKIP 221	Internasionale Handelsfinansiering en -betaling		16
EKRP 211	Inleiding tot Risikobestuur		16
EKRP 221	Beleggingsbestuur	ECON 211	16
IOPS 111	Inleiding tot Bedryfsielkunde		12

IOPS 121	Beroepsgesondheid en ergonomie		12
IOPS 211	Personeelsielkunde		16
IOPS 221	Beroepsielkunde		16
IOPS 311	Organisasiesielkunde		16
IOPS 321	Psigometrika en Navorsingsmetodologie		16
TAXF 211	Inleiding tot belasting van maatskappye	ACCF 111 en ACCF 121	12
TAXF 221	Inleiding tot belasting van individue	TAXF 211	12
RERP 211*	Regsrekeningkunde		8
RERP 221*	Regsrekeningkunde		8
STTN122	Statistiek vir die Bestuurswetenskappe		12
WISN123	Wiskundige Tegnieke	Wiskunde (vlak 3)	12

R.1.6.1 Opmerkings met betrekking tot bepaalde modules

- ABCD 111 en 121 (Taalmodules)**

Wanneer 'n student vir 'n taalmodule in die eerste semester registreer (ABCD 111), moet die bypassende tweede semester module (ABCD 121) geneem word. Raadpleeg die spesifieke toelatingsvereistes (R.1.6.2).

Erkenning van Engels: studente wat van ander tersiêre instellings kom en aansoek doen om vrystelling van ENLL 111 en ENLL 121 kan verwag om taalvaardigheidstoetse af te lê ten einde te bepaal of daar aan hul erkenning verleen behoort te word.

BA Regte studente wat Engels as 'n taalmodule neem, kan dit nie weer as 'n keusemodule neem nie

- AKLR 112 en 122**

Antieke Kultuur word telematies aangebied.

- JURI 112**

Eerstejaarstudente wat nie Afrikaans as eerste of tweede taal in Graad 12 geneem het nie, mag 'n formele versoek rig aan die Direkteur Onderrig om (1) toegelaat te word om AFNP118 en/of AFNP 128 te neem in plaas van die Afrikaanse gedeelte van JURI 112, of (2) om onder bepaalde voorwaardes vrygestel te word van die verpligting om JURI 112 te neem. Die Direkteur Onderrig kan met inagneming van die omstandighede van elke geval besluit watter een van die twee keuses uitgeoefen moet word.

- JURE 313**

Studente wat voorheen TAXF 211/TAXF 311 of TAXF 221/ TAXF 321 geslaag het, kan nie vir JURE 313 registreer nie.

- JURE 412 (Skynhof)**

Die getal studente wat toegelaat word om vir die module te registreer word beperk tot 60.

Studente moet 'n subminimum van 45% behaal vir beide die skriftelike hoofde van betoog en die mondelinge argument.

- **ERP 211 en ERP 221 (Reksrekeningkunde)**

'n Student wat registreer vir ERP 211 en ERP 221 moet die betrokke module in albei semesters slaag plus enige ander keusemodule (eerste of tweede semester) wat aangebied word deur die Fakulteit Regte in die derde jaar.

- **JURI 327**

Studente wat nie vir JURI 315 in die eerste semester geregistreer was nie, word afgeraai om vir JURI 327 in die tweede semester te registreer.

- **ACCF/S voorvereistes**

Studente wat nie Rekeningkunde as skoolvak gehad het nie, kan die Basiese Rekeningkunde Kursus aan die begin van die eerste semester in die eerstejaar neem. Studente wat bo 65% vir die kursus gekry het, kan vir ACCF111 registreer. Studente wat minder as 65% vir die kursus behaal het kan vir ACCS111 registreer.

- **Verstaan die Wêreld**

Studente wat Psigologie as hoofvak neem, ontvang vrystelling vir WVLS 314.

Studente wat Filosofie as hoofvak neem, ontvang vrystelling vir die tweede- en derdejaar "Verstaan die Wêreld modules"

R.1.6.2 Fakulteit spesifieke toelatingsvereistes met betrekking tot taalmodules

R.1.6.2.1 Afrikaans en Nederlands

- a) Vir toelating tot Afrikaans: *Taal sonder grense* (AFNP 111) en *Afrikaanse en Nederlandse Taal- en Literatuurstudie* (AFNP 121) word minstens 'n vlak 4 in Afrikaans as huistaal of 'n vlak 5 in Afrikaans as eerste addisionele taal vir graad 12 vereis.
- b) AFNP 111 is nie 'n voorvereiste vir AFNP 121 nie, maar AFNP 121 is wel 'n voorvereiste vir AFNP 211 en AFNP 221. Verder is AFNP 211 en AFNP221 voorvereistes vir AFNP 311 en AFNP 321. AFNP 211 is die voorvereiste vir AFNP 221 en AFNP 311 is die voorvereiste vir AFNP 321.
- c) Die aanbied van die elektiewe modules AFNE 211, AFNE 212 en AFNE 213 in 'n gegewe jaar kan beïnvloed word deur die aantal studente wat vir die module registreer asook navorsingsverpligtinge en verlofreëlings van dosente. Ekstra werk in Nederlands tot die bevrediging van die vakgroep kan van hierdie studente geverg word.
- d) Studente wat aan die toelatingsvereistes vir AFNP 111 en AFNP 121 voldoen, maar tog kommunikasieprobleme ondervind, word verwys na die Voorsitter van die Vakgroep Afrikaans en Nederlands.

R.1.6.2.2 Setswana

- a) Studente wat 'n Sothotaal soos Setswana, Suid-Sotho (Sesotho) of Noord-Sotho (Sepedi) as huistaal in die graad 12-eksamen geslaag het of een van die tale as moedertaal het, kan nie vir die derdetaalkursusse van Setswana (ATSN 111, ATSN 121) inskryf nie.

R.1.6.2.3

Duits

- a) GERM111 en GERB111 is beginnerskursusse. Geen voorafkennis van Duits word vereis om vir die modules te registreer nie, maar studente moet wel oor 'n matrikulasie-yrystellingsertifikaat beskik.
- b) Studente wat Duits op matriek-vlak geslaag het met 'n finale punt van 65% of hoër of wat 'n sertifikaat gelykstaande aan vlak A2 van die Gemeenskaplike Europese Verwysingsraamwerk vir Tale by 'n geakkrediteerde instelling verwerf het, mag nie vir GERM111/121 of GERB111/121 registreer nie. Hulle mag vir GERM211/221 registreer. Indien hierdie kwalifikasie meer as 2 jaar voor registrasie vir Duits verwerf is, word dit vereis dat 'n student 'n toelatingstoets aflê. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of 'n student toegelaat sal word tot GERM111/121 of GERM211/221. Uitsonderings kan onder buitengewone omstandighede gemaak word nadat daar met die vakvoorsitter gekonsulteer is.
- c) Studente wat voorafkennis van Duits het, maar wat geen amptelike bewys van vaardighede het nie, sal 'n toelatingstoets moet aflê. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of 'n student toegelaat sal word tot GERM111/121, GERB111/121 of GERM211/221.
- d) Die krediete van modules waarvoor 'n student yrystelling gekry het, sal nie toegeken word nie.
- e) Studente wat GERM111/121 suksesvol voltooi het, sal toegelaat word om vir GERM211/221 te registreer.
- f) Krediete kan nie vir beide GERM111,121 en GERB111,121 verwerf word nie.

R.1.6.2.4

English

- a) ENLS111 (praktyksgerigte module): Dit word sterk aanbeveel dat studente wat 'n matrikulasiepunt van minder as 60% vir Engels as 'n tweede taal (T2) of 'n uitslag van minder as 50% in Engels as eerste taal (T1) verwerf het, vir hierdie module moet registreer.
- b) ENLL111 (akademies-gerigte module): Dit word sterk aanbeveel dat studente wat 'n matrikulasiepunt van meer as 60% vir Engels as 'n tweede taal (T2) of 'n uitslag van meer as 50% in Engels as eerste taal (T1) verwerf het, vir hierdie module moet registreer.
- c) ENLL 121: Ten einde vir die tweede semester van die akademies-gerigte module (ENLL121) te registreer, moet 'n student 'n punt van 60% of meer vir die ooreenstemmende module in die eerste semester (ENLL111) verwerf het. Diegene wat nie 'n punt van 60% of meer in ENLL111 verwerf het nie, sal oorgeplaas word na die praktyksgerigte module vir die tweede semester (ENLS121). Die vakgroep Engels kan dit wel oorweeg om in besondere gevalle toelating na ENLL121 te oorweeg.
- d) Dit word van studente wat registreer vir die akademies-gerigte modules, verwag om aan te meld vir aanvullende leesevalueringe in die leeslaboratorium. Diegene wat nie die vereiste vaardigheidsvlak bereik nie, sal bykomende leesprogramme moet volg.

R.1.6.2.5

Frans

- a) FREN111 en FREB111 is beginnerskursusse. Geen voorafkennis van Frans word vereis om vir die modules te registreer nie, maar studente moet wel oor 'n matrikulasie-yrystellingsertifikaat beskik.
- b) Studente wat Frans op matriek-vlak geslaag het met 'n finale punt van 65% of hoër of wat 'n sertifikaat gelykstaande aan vlak A2 van die

Gemeenskaplike Europese Verwysingsraamwerk vir Tale by 'n geakkrediteerde instelling verwerf het, mag nie vir FREN111/121 of FREB111/121 registreer nie. Hulle mag vir FREN211/221 registreer. Indien hierdie kwalifikasie meer as 2 jaar voor registrasie vir Frans verwerf is, word dit vereis dat 'n student 'n toelatingstoets aflê. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of 'n student toegelaat sal word tot FREN111/121 of FREN211/221. Uitsonderings kan onder buitengewone omstandighede gemaak word nadat daar met die vakvoorsitter gekonsulteer is.

- c) Studente wat voorafkennis van Frans het, maar wat geen amptelike bewys van vaardighede het nie, sal 'n toelatingstoets moet aflê. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of 'n student toegelaat sal word tot FREN111/121, FREB111,121 of FREN211/221.
- d) Die krediete van modules waarvoor 'n student vrystelling gekry het, sal nie toegeken word nie.
- e) Studente wat FREB111/121 suksesvol voltooi het, sal toegelaat word om vir FREN211/221 te registreer.
- f) Krediete kan nie vir beide FREN111,121 en FREB111,121 verwerf word nie.

R.1.6.2.6

Latyn

- a) 'n Student wat Latyn in graad 12 geslaag het, mag vir LATN 211 inskryf, maar dan eers in die tweede studiejaar.

R.1.7 REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS LEGUM (LL B)

R.1.7.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die studie vir die graad Baccalaureus Legum (LL B) duur 'n minimum van vier en 'n maksimum van vyf jaar.

Die LL B kan ook as tweede baccalaureusgraad verwerf word. 'n Student kan vir die graad Baccalaureus Artium (BA) met Regsvakke of vir 'n Baccalaureus Commercii met Regsvakke inskryf. Regsvakke wat in die loop van hierdie grade geslaag word, hoef nie tydens die LL B-studie herhaal te word nie, met die gevolg dat die LL B-graad na slegs, maar ten minste, twee verdere jare studie verwerf kan word. Die LL B-studie wat volg op bogemelde baccalaureusgrade duur 'n maksimum van drie jaar.

R.1.7.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

- a) Geen tersiêre onderwyskwalifikasie word vereis vir toelating tot die graad nie.
- b) 'n Voornemende student met matrikulasievystelling met 'n APS-telling van 25 of meer kwalifiseer vir toelating tot die LL B-studie.
- c) Raadpleeg Toelatingsvereistes voorgraadse studie 2012 vir die wyse waarop die APS-telling bepaal moet word.
- d) Neem kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.

R.1.7.3 Kwalifikasie uitkomst

R.1.7.3.1 Algemeen

Benewens die akademiese en prinsipiële vorming van studente word die volgende oogmerke met die program nagestreef:

- a) om die studente toe te rus met kennis en spesifieke vaardighede, gekoppel met die vermoë om die verworwe kennis en vaardighede toe te pas in 'n verskeidenheid vertakkinge van die regsberoep met die oog op verdere persoonlike intellektuele ontwikkeling, ekonomiese bedrywighede en gemeenskapdiens;
- b) om 'n bydrae te lewer tot die toetrede van genoegsame hoeveelhede gekwalifiseerde regsliu tot die private en die openbare sektor in Suid-Afrika ten einde te verseker dat daar volhoubaar aan al die uiteenlopende behoeftes ten opsigte van regsdienste, leierskap en innoverende, kennisgebaseerde aktiwiteite van 'n transformerende samelewing binne die Suid-Afrikaanse regstaat voldoen word;
- c) om gekwalifiseerdes toe te rus om verdere studie en navorsing op nagraadse vlak te onderneem vir doeleindes van die verwerwing van 'n nagraadse kwalifikasie.

R.1.7.3.2 Primêre kwalifikasiedoelstelling

Die LL B-program lewer regsgeleerdes wat die grondslae en die beginsels van die regswetenskap beheers en wat toegevoegde is om selfstandig in konkrete situasies met die reg te werk.

R.1.7.3.3 Kundigheid- en vaardigheidsdoelwitte en waardes

Nadat die LL B-program suksesvol voltooi is, behoort die student:

- 'n samehangende begrip van fundamentele en verwante kennisvelde, konsepte, beginsels en teorieë van die regswetenskap en die verwantskap daarvan met waardes verwerf het;
- die vermoë te hê om krities en analities met die reg om te gaan;
- daartoe in staat wees om regsnavorsing te doen en die verworwe kennis en vaardighede in enige vertakking van die regsberoep toe te pas, en
- as juris in die konteks van die Suid-Afrikaanse regstaat op 'n waardege-drewe en etiese wyse te kan funksioneer.

R.1.7.4 Artikulasieemoontlikhede

- a) Ná suksesvolle voltooiing van die graad kan die studente wat voldoende presteer het regstreeks toegang tot die LL M-studie verkry. Die LL M-studie verleen toegang tot die LL D-graad.
- b) Krediet vir modules wat by ander universiteite verwerf is, kan van die Direkteur Onderrig versoek word. Die versoek word oorweeg aan die hand van die vraag of sodanige modules tot die bogemelde programuitkomst bydra.

R.1.7.5 Skripsie (JURI 425)

- a) Die suksesvolle afhandeling van 'n Skripsie (JURI 425) is 'n vereiste vir die voltooiing van die LL B graad.
- b) Ten aansien van die registrasie van Skripsie onderwerpe en die voorbereiding, indiening en eksaminering van die Skripsieverslag, is die vorm- en stylvereistes soos van tyd tot tyd deur die Fakulteitsraad gewysig en aangepas, van toepassing. Vir meer besonderhede gaan na: <http://www.puk.ac.za/opencms/export/PUK/html/fakulteite/regte/per/index1.htm>

R.1.7.6 Samestelling van kurrikulum R410P

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER	
Kode	Kr	Kode	Kr	Kode	Kr	Kode	Kr
ABCD 111*	12	JURI 211	12	JURI 311	12	JURI 411	12
JURI 111	12	JURI 213	12	JURI 313	12	JURI 312	8
JURI 112	8	JURI 214	12	JURI 314	12	JURI 317	8
JURI 113	12	JURI 215	12	JURI 315	12	JURI 414	12
JURI 114	12	JURI 216	12	JURI 316	12	JURI 415	12
		JURI 217	12	ABCD 311*	8/12	ABCD 411*	12
						ABCD 413*	12
Totaal 1^{ste} semester	56	Totaal 1^{ste} semester	72	Totaal 1^{ste} semester	Min 68 Maks72	Totaal 1^{ste} semester	76
JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER	
Kode	Kr	Kode	Kr	Kode	Kr	Kode	Kr
ABCD 121*	12	JURI 221	12	JURI 321	12	JURI 421	12
JURI 121	12	JURI 223	12	JURI 323	12	JURI 322	8
JURI 122	12	JURI 224	12	JURI 324	12	JURI 423	12
JURI 123	12	JURI 225	12	JURI 325	12	JURI 424	12
JURI 124	12	JURI 226	12	JURI 326	12	JURI 425	12
AGLAE121	12			JURI 327	12	ABCD 421*	12
				ABCD321*	8/12		
Totaal 2^{de} semester	72	Totaal 2^{de} semester	60	Totaal 2^{de} semester	Min 80 Maks 84	Totaal 2^{de} semester	68
Totaal vlak 1	128	Totaal vlak 2	132	Totaal vlak 3	Min 148 Maks156	Totaal vlak 4	144
TOTAAL VIR DIE KURRIKULUM							Min552 Maks560
ABCD verwys na die keusemodules (R1.7.7)							
Sien R1.6.1 vir opmerkings met betrekking tot modules wat met 'n * gemerk is.							

R.1.7.7 Keusemodules

* Sien opmerkings met betrekking tot bepaalde modules (R1.6.1)

JAARVLAK 1		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
Eerste semester		Eerste semester		Eerste semester	
ABCD111	Kr	ABCD311	Kr	ABCD411 en ABCD413	Kr
AFNP 111	12	JURE 311	12	JURE 411	12
AKLR 112 *	12	JURE 313*	12	JURE 412*	12
SETM 111	12	RERP 211*	8	JURE 413	12
ATSN 111	12			JURP 411	12
ENLL 111	12				
ENLS 111	12				
FREN 111	12				
FREB 111	12				
GERM 111	12				
GERB 11	12				
LATN 112	12				
JAARVLAK 1		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
Tweede semester		Tweede semester		Tweede semester	
ABCD121	Kr	ABCD321	Kr	ABCD421	Kr
AFNP 121	12	JURP 321	12	JURE 421	12
AKLR 122*	12	JURP 323	12	JURP 421	12
SETM 121	12	RERP 221*	8		
ATSN 121	12				
ENLL 121	12				
ENLS 121	12				
FREN 121	12				
FREB 121	12				
GERM 121	12				
GERB 121	12				
LATN 122	12				

R.1.8 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM (BA) MET REGSVAKKE

R.1.8.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die duur van die studie vir die BA met Regsvakke is 'n minimum van drie en 'n maksimum van vier jaar.

R.1.8.2 Toelatingsvereistes vir die program

- a) Geen tersiêre onderwyskwalifikasie word vereis vir toelating tot die graad nie.
- b) Voornemende studente met matrikulasievystelling met 'n APS-telling van 25 of meer kwalifiseer vir toelating tot die studie.
- c) Raadpleeg, Toelatingsvereistes voorgraadse studie 2012 vir die wyse waarop die APS-telling bepaal moet word.
- d) Neem kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.

R.1.8.3 Program uitkomst

R.1.8.3.1 Primêre programdoelwit

Benewens akademiese en prinsipiële vorming van studente, is dit die oogmerk met hierdie program om studente toe te rus met kennis en vakkundige vaardighede in elkeen van die spesialisareas, en om hulle te bemagtig om die verworwe kennis en vaardighede in die toepaslike samelewingsomgewings te kan implementeer. Na gelang die betrokke spesialisarea, lewer die program gegradueerdes:

- wat die onderliggende wetlike aspekte wat die regeerfunksie onderskryf verstaan, en wat oor die vaardighede beskik om die komplekse politieke situasies deur middel van verworwe regs- en politieke kundigheid te interpreteer en te bestuur; of
- wat leiding binne privaat en openbare organisasies betreffende die bestuur van menslike hulpbronne kan neem en goeie werksverhoudinge kan bevorder; of
- wat toegerus is met wetenskaplike insig en kennis betreffende fasette van die taal- en letterkunde, en wat oor die taalvaardighede beskik wat nodig is om suksesvol binne die beroepe wat hulle betree (in besonder die regsprofessie) te kan funksioneer; of
- wat beskik oor 'n basiese kennis van die regswetenskap en psigologie, en wat oor die vaardighede beskik om hierdie vakkundige kennis in die samelewingsomgewings waarin hulle hulleself mag bevind, te kan implementeer; en
- wat by uitstek toegerus is om regsargumente te evalueer, te analiseer, logies uiteen te sit en, deur gebruikmaking van verskillende media, voor te dra; en

- wat toegerus is om verdere studie en navorsing op nagraadse vlak te onderneem vir doeleindes van die verwerwing van 'n nagraadse kwalifikasie in enige van die spesialisareas, of in geval van regstudies, om op derdejaarsvlak in te skakel by die LL B-program.

R.1.8.3.2 Primêre programdoelstelling

Die BA Regte program lewer geesteswetenskaplikes wat in staat is om basiese kennis en tegnieke van die geesteswetenskappe en die toepaslike tegnologiese velde te integreer ten einde spesifiek-geesteswetenskaplike menslike verskynsels te kan ondersoek en gepaardgaande probleme te kan oplos.

R.1.8.3.3 Toepassing van fundamentele en spesialiskennis

Nadat die BA Regte program suksesvol voltooi is, behoort die student:

- afgeronde en sistematiese kennis betreffende die beginsels van die regswetenskap te demonstreer;
- kennis selfstandig te kan ontsluit, toe te pas, te analiseer, te integreer en gefundeerd te evalueer;
- krities en kreatief probleemoplossend te kan dink en handel;
- in staat te wees om kennis en tegnieke van die geesteswetenskappe te integreer ten einde probleme in dié velde en die samelewing op 'n innoverende wyse te kan oplos. Dit sluit in kennis en toepassing van geesteswetenskaplike begrippe, teorieë, beginsels, prosedures, tegnieke en navorsingsmetodes;
- vakkundige vaardighede in 'n samelewingsomgewing te kan implementeer;
- vertrouwd te wees met die teorie, terminologie en grondslae van die vakgebiede wat in die graad BA met Regsvakke ingesluit is;
- bewus te wees van die noodsaaklikheid om professioneel en eties op te tree en om verantwoordelikheid binne eie beperkings en vaardighede te aanvaar;
- prinsipiële oor samelewingsvraagstukke te kan dink en handel;
- in staat te wees om mondeling sowel as skriftelik, kennis op die tersaaklike vakgebiede wetenskaplik te kan kommunikeer in verskillende media deur gebruikmaking van die gepaste struktuur, styl en grafiese en elektroniese ondersteuning; op beperkte skaal navorsing te kan doen en kennis te kan ontwikkel.

R.1.8.4 Artikulasie moontlikhede

Na suksesvolle voltooiing van die graad voldoen studente aan die vereistes wat vir die eerste twee studiejare van die LLB gestel word. Die oorblywende modules wat vir die LLB vereis word kan dus binne twee verdere jare van studie afgehandel word.

Krediet vir modules wat by ander universiteite verwerf is, kan van die Direkteur Onderrig versoek word. Die versoek word oorweeg aan die hand van die vraag of sodanige modules tot bogemelde programuitkomste bydra.

Na suksesvolle voltooiing van die graad kan direkte toegang tot 'n toepaslike honneursgraad ooreenkomstig die reëls van die betrokke Fakulteit verkry word.

R.1.8.5 Samestelling van kurrikulum R302P

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
Eerste semester		Eerste semester		Eerste semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
ABCD 111*	12	JURI 211	12	JURI 215	12
ABCD 111*	12	JURI 213	12	JURI 217	12
JURI 111	12	JURI 214	12	JURI 315	12
JURI 112	8	JURI 216	12	WVLS 314**	12
JURI 113	12	ABCD 211*	16	ABCD 311*	32
JURI 114	12				
Totaal 1st semester	68	Totaal 1^{ste} semester	64	Totaal 1^{ste} semester	80
JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
Tweede semester		Tweede semester		Tweede semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
ABCD 121*	12	JURI 221	12	JURI 224	12
ABCD 121*	12	JURI 223	12	JURI 225	12
JURI 121	12	JURI 226	12	JURI 327	12
JURI 122	12	WVSS 221**	12	ABCD 321*	32
JURI 123	12	ABCD 221*	16		
JURI 124	12				
AGLA/AGLE121	12				
Totaal 2^{de} semester	84	Totaal 2^{de} semester	64	Totaal 2^{de} semester	68
Totaal Jaarvlak 1	152	Totaal Jaarvlak 2	128	Totaal Jaarvlak 3	148
Totale krediete vir die kurrikulum *ABCD verwys na die keusemodules (R1.8.6) Sien R1.6.1 vir opmerkings met betrekking tot modules wat met 'n * gemerk is.					428

Bedryfsielkunde as hoofstudierigting (ABCD 311 en ABCD 321*)

Studente wat Bedryfsielkunde as hoofvak neem, moet in hulle derde studiejaar 'n bykomende module of modules ter waarde van 32 kredietpunte neem. Dit kan ook 'n module op tweedejaarsvlak wees, maar dit kan nie 'n JURI-module wees nie. Die volgende modules word aanbeveel: STTN 111, STTN 124, PSYC 121, PSYC 211, PSYC 212, PSYC 221, PSYC 311, LARM 311 en LARM 321

** Verstaan die Wêreld

Verstaan die Wêreld: verwys na R1.6.2 onder voorvereiste/opmerkings vir keuses.

Studente wat Psigologie as hoofvak neem, ontvang vrystelling vir WVLS 314.

Studente wat Filosofie as hoofvak neem, ontvang vrystelling vir die tweede- en derdejaar verstaan die wêreld modules.

WVSS 221: BA Regte studente kan enige van die ander "Verstaan die Wêreld-modules" neem wat in R1.6 gelys is.

R.1.8.6 Keusemodules

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
Eerste semester		Eerste semester		Eerste semester	
ABCD111	Kr	ABCD211	Kr	ABCD311	Kr
Taalmodule: kies een					
AFNP 111	12	ENLL 211	16	ENLL 311	32
AKLR 112	12	IOPS 211	16	IOPS 311	16
SETM 111	12	PHIL 211	16	PHIL 311	16
ATSN 111	12	POLI 213	16	PHIL 312	16
ENLL 111	12	PSYC 211	16	POLI 312	32
ENLS 111	12	PSYC 212	16	PSYC 311	16
FREN 111	12			PSYC 312	16
FREB 111	12				
GERM 111	12				
GERB 111	12				
LATN 112	12				
Kies een					
ENLL 111	12				
IOPS 111	12				
PHIL 111	12				
POLI 112	12				
PSYC 111	12				
JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
Tweede semester		Tweede semester		Tweede semester	
ABCD121	Kr	ABCD221	Kr	ABCD321	Kr
Taalmodule: kies een					
AFNP 121	12	ENLL 221	16	ENLL 321	32
AKLR 122	12	IOPS 221	16	IOPS 321	16
SETM 121	12	PHIL 221	16	PHIL 321	16
ATSN 121	12	POLI 223	16	PHIL 322	16
ENLL 121	12	PSYC 221	16	POLI 322	32
ENLS 121	12			PSYC 321	16
FREN 121	12			PSYC 322	16
FREB 121	12				
GERM 121	12				
GERB 121	12				

LATN 122	12				
Kies een					
ENLL 121	12				
IOPS 121	12				
PHIL 121	12				
POLI 123	12				
PSYC 121	12				

R.1.9 REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS COMMERCII (BCOM) MET REGSVAKKE

R.1.9.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van die studie 'n BCom -graad is drie jaar en die maksimum duur vir die voltooiing van die graad is vier jaar

R.1.9.2 Toelatingsvereistes vir die program

- Geen tersiêre onderwyskwalifikasie word vereis vir toelating tot die graad nie.
- Voornemende studente met matrikulasievrystelling met 'n APS-telling van 30 of meer kwalifiseer vir toelating tot die studie.
- Wiskunde vlak 4 (50-59%) word vereis
- Raadpleeg, Toelatingsvereistes voorgraadse studie 2012 vir die wyse waarop die APS-telling bepaal moet word.

R.1.9.3 Kwalifikasie uitkomst

Die algemene uitkomst van die BCom-kwalifikasie is die volgende:

- Om studente te bemagtig met graadvlak-kennis van konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels, vaardighede, navorsingsmetodologieë en toegepaste bevoegdheid sodat hulle lonende loopbane kan volg in die veranderende ekonomiese en besigheidsomgewing van die nuwe millennium.
- Om Suid-Afrika van gegradueerdes te voorsien wat bevoeg is in een of meer van die volgende spesialisasievelde: Ekonomie, Ondernemingsbestuur, Rekeningkunde, Menslikehulpbronontwikkeling, Arbeidsverhoudinge en Regte.
- Om die student by te staan en in staat te stel om sy/haar intellektuele en morele kapasiteit te ontwikkel om die ekonomiese en besigheidsomgewing te verstaan, om krities en innoverend te dink en om 'n grondslag te lê vir verdere spesialisasie.

Benewens die algemene uitkomst van die kwalifikasie, is die inhoud só gestruktureer dat bepaalde uitkomstvelde (waarby kritieke uitkomst ingesluit is) bereik kan word. 'n BCom -gegradueerde sal in staat wees om:

- a) 'n Diepgaande kennis van en insig in die ekonomiese en besigheidsomgewings te openbaar en probleme wat daaruit voortvloei in samehang met ander dissiplines op te los.
- b) Op grond van sy/haar kennis van multidisiplinêre konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes konvergente en divergente ekonomiese en besigheidsverwante probleme op 'n kreatiewe en kritiese wyse te identifiseer en op te los.
- c) Geleenthede te identifiseer en te skep en die entrepreneuriese proses te begryp.
- d) Effektief as 'n individu en in span- en organisasieverband op te tree ten einde die geleentheid te skep om as 'n leier in 'n multidisiplinêre omgewing te ontwikkel.
- e) Met selfdissipline, integriteit en toewyding sy/haar aktiwiteite op 'n verantwoordelike en doeltreffende wyse te organiseer en te bestuur ten einde die verlangde doelwitte te bereik.
- f) Ekonomiese en ondernemingsbestuurskennis in te samel, te ontleed, te organiseer, krities te evalueer en toe te pas.
- g) Ekonomiese en besigheidsinligting doeltreffend te ontgin en te kommunikeer deur van gepaste inligtingstechnologie gebruik te maak.
- h) Verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander mense te openbaar deur die doeltreffende en kritiese gebruik van wetenskap en tegnologie.
- i) Lewenslange leer te beoefen deur die vestiging van 'n nuwe belangstelling in die dinamiek van die ekonomiese en besigheidsomgewing.
- j) Begrip te toon vir die behoefte aan die behoud van bevoegdheid en gesonde praktyke ten einde in pas te bly met die veranderende ekonomiese omgewing van nuwe metodes, tegnieke en kompeterende uitdagings.
- k) Lewensbeskouings krities te beoordeel.
- l) Respek te ontwikkel vir die waardestelsel van hierdie Universiteit.
- m) As 'n verantwoordelike burger te kan deelneem op plaaslike, nasionale en internasionale vlak.
- n) Sensitief te kan wees vir die sosio-ekonomiese behoeftes van ons heterogene en multikulturele besigheidsgemeenskappe en van die wêreld in die algemeen.
- o) Opvoedkundige en loopbaangeleenthede te ontgin.

R.1.9.4

Artikulasiemoontlikhede

- a) Na suksesvolle voltooiing van die graad, kan studente ooreenkomstig die reëls van die fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe regstreeks toegang kry tot die Honneurskwalifikasies binne die student se gekose spesialisdisipline.

- b) Die BCom-kwalifikasie kan aan die student toegang verleen tot verwante studie aan ander tersiêre instellings.
- c) Na suksesvolle voltooiing van die graad voldoen die studente aan die vereistes wat vir die eerste twee studiejare van die LLB gestel word. Die oorblywende modules wat vir die LLB vereis word kan dus binne twee verdere jare van studie afgehandel word.
- d) Krediet vir modules wat by ander universiteite verwerf is, kan van die Direkteur Onderrig versoek word. Die versoek word oorweeg aan die hand van die vraag of sodanige modules tot die bogemelde programuitkomste bydra.

R.1.9.5

Enkele modules om 'n graad te voltooi:

Om die programuitkomste van die B Com Regte te bereik, is dit nie moontlik om derdevlakmodules wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurwetenskappe aangebied word, deur 'n ander instelling, soos UNISA, te neem om die graad hier te voltooi nie. Indien een of meer derdevlakmodules gekort word om 'n graad te voltooi, moet 'n student voltyds terugkom om die modules te slaag of daar kan in sommige gevalle klasvrystelling (met spesifieke voorwaardes) gereël word met die betrokke dosent. Klasvrystelling kan alleen gegee word indien die module reeds vantevore geneem is, toelating tot die eksamen verkry is, maar die eksamen nie geslaag is nie. Klasvrystelling sal hoogstens eenkeer toegestaan word (indien dit dan nie geslaag word nie, moet dit weer voltyds geneem word).

'n Maksimum van twee modules kan op tweedevlak deur 'n ander instelling soos UNISA geneem word om 'n graad te voltooi, mits dit die enigste modules is wat gekort word om die graad in daardie jaar te voltooi.

Die inleidende modules op eerstevlak het groter oorvleueling en die ekwivalent kan erken word indien dit nodig is om die graad te voltooi.

R.1.9.6

Studente wat na 'n tydperk studies wil hervat.

Studente wat na 'n minimum van vyf jaar hul graad wil kom voltooi, sal onderhewig wees aan die volgende riglyne:

- Indien ongeveer 50% modules kortkom om die graad te voltooi, moet die hele tweede- en derdejaar voltooi word, plus die uitstaande eerstejaarsvakke.
- Indien ongeveer 50% van die derdejaarsmodules kortkom, sal die volledige derdejaar voltooi moet word.
- Indien net een en hoogstens drie modules kort om 'n graad te voltooi, moet minstens die kernmodules op derdevlak ook weer voltooi word

R.1.9.7 Samestelling van kurrikulum R301P

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
Eerste semester		Eerste semester		Eerste semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
ACCF/ACCS111*	16	JURI211 (H)	12	JURI216 (H)	12
BMAN111	12	JURI213 (H)	12	JURI217 (H)	12
ECON111	12	JURI214 (H)	12	JURI313 (H)	12
JURI111 (H)	12	JURI215 (H)	12	JURI315 (H)	12
JURI112 (H)	8	KIES twee uit: BMAN211 of ECON211 of ACCF211 (H)	32	KIES een uit: BMAN311 of ECON311 of ACCF311 (H)	16
JURI113 (H)	12				
JURI114 (H)	12				
				KIES een uit: BMAR312 of TAXF211 of EKIP/EKRP211 (H)	16
Totaal 1^{ste} semester	84	Totaal 1^{ste} semester	80	Totaal 1^{ste} semester	80
JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
Tweede semester		Tweede semester		Tweede semester	
Modulekode	Kr	Modulekode	Kr	Modulekode	Kr
ACCF121/ACCS121	16	JURI121 (H)	12	JURI224 (H)	12
AGLA121	12	JURI122 (H)	12	JURI225 (H)	12
BMAN 121	12	JURI221 (H)	12	JURI226 (H)	12
ECON121	12	JURI223 (H)	12	JURI327 (H)	12
JURI123 (H)	12	KIES twee uit: BMAN221 of ECON221 of ACCF221 (H)	32	KIES een uit: BMAN321 of ECON321 of ACCF321 (H)	16
JURI124 (H)	12				
WISN123 / STTN122	12				
				KIES een uit: BMAR321 of TAXF221 of EKIP/EKRP221 (H)	16
Totaal 2^{de} semester	88	Totaal 2^{de} semester	80	Totaal 2^{de} semester	80
Totaal Jaarvlak 1	172	Totaal Jaarvlak 2	160	Totaal Jaarvlak 3	160
Totale krediete vir die kurrikulum					492
** Studente wat ECON as kernmodule gaan kies, moet WISN123 op eerstevlak neem. ** Studente wat BMAN 311 & 321 kies, moet BMAR 312 & 321 neem. ** Studente wat ECON 311 & 321 kies, moet EKIP 211 & 221 of EKRP 211 & 221 neem. ** Studente wat ACCF311 & 321 kies, moet TAXF211 & 221 neem. ** Studente wat ACCF211 neem, moet ACCF121 geslaag het. Sien R1.6.1 vir opmerkings met betrekking tot modules wat met 'n * gemerk is.					

R.1.10

REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER LEGUM (LL M) EN MAGISTER PHILOSOPHIAE (MPHIL)

Die LL M / MPhil is 'n kwalifikasie wat daarop gemik is om gevorderde navorsingsvaardigheid te ontwikkel. Die grade kan behaal word óf deur die skryf van 'n verhandeling óf deur 'n skripsie te skryf asook vraestelle af te lê in die modules voorgeskryf vir 'n gestruktureerde kwalifikasie in Arbeidsreg, Boedelreg, In- en Uitvoerreg, Omgewingsreg en –beheer of Vergelykende Kinderreg.

R.1.10.1

Duur (minimum en maksimum duur)

- a) Die studietydperk strek oor minstens een studiejaar. Binne twee jaar na registrasie moet 'n student aan al die vereistes vir die graad LL M/MPhil voldoen. Indien 'n student die studie na twee jaar nog nie voltooi het nie, word die studie getermineer. Die Direkteur Nagraadse programme kan egter tot 'n verlenging van die tydperk instem na oorweging van:
 - die vordering wat reeds deur die student gemaak is;
 - die waarskynlikheid dat die studente dit wel in een jaar sal voltooi;
 - of die onderwerp van die studie of van die voorgename verhandeling of werkstuk nog sinvol en relevant is;
 - of daar nie ander kandidate is wat oor dieselfde onderwerp navorsing gedoen het, doen of wil doen nie; en
 - of die studieleier nog beskikbaar is.
- b) Die sluitingsdatum vir aansoeke vir gestruktureerde en verhandelings LL M / MPhil is 15 November van die voorafgaande jaar.
- c) Die sluitingsdatum vir registrasie vir gestruktureerde en verhandelings LL M / MPhil is 31 Januarie van die daaropvolgende jaar.
- d) Voltydse LL M / MPhil-studente moet hulle navorsingsvoorstelle vir verhandelings of skripsies voor 31 Mei indien, asook studente wat hulle graadstudie die betrokke jaar wil voltooi.

R.1.10.2

Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

Om toelating tot die LL M-studie te verkry, moet 'n student voldoen aan die vereistes wat hierdie of enige ander Suid-Afrikaanse universiteit vir die graad LL B stel. 'n Student wat oor 'n ander vierjarige regsgraad van hierdie of 'n ander universiteit beskik kan aansoek doen om toelating tot die LL M-graad. Sodanige student moet voldoende skriftelike bewys van kundigheid en praktykervaring in die betrokke vakgebied aan die Direkteur Nagraadse programme voorlê.

'n Evaluasiesertifikaat soos uitgereik deur die “*South African Qualifications Authority*” (SAQA) moet aansoek vergesel indien die kwalifikasie(s) in die buiteland verwerf is

Voorts kan die Direkteur Nagraadse programme vereis dat 'n student voldoende bewys van navorsingsvaardigheid voorlê alvorens toestemming tot registrasie verleen word. Van 'n student wat die graad LL M wil verwerf in 'n module wat nie vir die graad LL B geneem is of waarin swak gepresteer is, kan

toelatingseksamen in die betrokke module deur die Direkteur Nagraadse programme voorgeskryf word.

In die geval van die LL M Boedelbeplanning word dit verder van student verwag om bewys te lewer dat kursus in voorgraadse Belastingreg (JURE 313) of 'n ekwivalente module by 'n ander Suid-Afrikaanse Universiteit geslaag is, behoudens uitsonderings toegestaan deur die Direkteur Nagraadse programme, wat slegs verleen word op grond van vorige leer, ervaring of nakoming van bykomende vereistes

Om toelating tot die MPhil in Omgewingsreg en -beheer te verkry, kan student wat 'n vierjarige universiteitsgraad beskikbaar het, om toelating tot die MPhil in Omgewingsreg en -beheer. Sodanige student moet eers die volgende voorgraadse modules (of module-ekwivalente by 'n ander Suid-Afrikaanse Universiteit) geslaag het: JURI 111 (Inleiding tot die Reg); JURI 226 (Sakereg), JURI 214 (Staatsreg), JURI 321 (Administratiefreg) en JURE 411 (Omgewingsreg). Daar kan voorts van die student verwag word om voldoende skriftelike bewys van kundigheid en praktykservaring in die betrokke vakgebied aan die Direkteur Nagraadse programme voor te lê alvorens toestemming tot registrasie verleen word.

Voornemende studente in die LL M in Vergelykende Kinderreg kan vooraf aan 'n keuringsprosedures onderwerp word en daar kan voor toelating onderhoude met studente gevoer word om sy/haar vermoë om die LL M studie te voltooi, vas te stel. Nuwe aansoeke vir dié graad word slegs aanvaar indien die Direkteur Nagraadse programme van oordeel is dat voldoende aanvraag vir die program bestaan.

Die LL M programme en keusemodules in programme word slegs aangebied indien die Direkteur Nagraadse programme van oordeel is dat voldoende aanvraag vir die program bestaan.

Studente kan slegs vir 'n navorsingsonderwerp in enige regsmodule registreer indien die Direkteur Nagraadse programme van oordeel is dat voldoende deskundigheid vir effektiewe leiding aan studente in die fakulteit beskikbaar is.

'n Student kan slegs nie-graad doeleindes vir 'n LL M module registreer indien voldoende bewys gelewer kan word dat voorafgaande kennis op NKR-vlak 7 verwerf is.

R.1.10.3

Kwalifikasie uitkomst

Na voltooiing van hierdie program moet die student oor die volgende beskik:

- omvattende en sistematiese kennis in 'n bepaalde vakgebied en die vermoë om die kennis toe te pas;
- 'n samehangende en kritiese begrip van die metodologie van die bepaalde vakgebied, ten einde huidige navorsing op hierdie gebied krities te evalueer, en aan wetenskaplike debatte en navorsing rakende teorie en praktyk deel te neem;
- gevorderde vaardigheid in inligtingsherwinning en -verwerking ten einde tersaaklike vraagstukke in die vakgebied te identifiseer, krities te ontleed en te sintetiseer; oor oplossings in huidige publikasies vanuit teoretiese en navorsingsperspektiewe te debatteer en die inligting aan spesialis asook nie-spesialis gehore deur die doeltreffende gebruik van die toepaslike tegnologie oor te dra; en

- die vermoë om die etiek, waardes, reëls, norme en regulasies rakende die bepaalde vakgebied krities te evalueer en toe te pas.

R.1.10.4 Fakulteit spesifieke reëls vir kwalifikasie

R.1.10.4.1 Eksaminering

R.1.10.4.1.1 LL M verwerf deur Navorsing en die skryf van 'n verhandeling

- Ten einde toelating tot die skryf van die verhandeling te verwerf, moet student 'n eksamen slaag in 'n kernmodule en twee addisionele modules soos deur die studieleier in oorleg met die Direkteur Nagraadse programme bepaal. Die evaluering van die studente geskied by wyse van 'n mondelinge assessering voor 'n paneel wat deur die Direkteur Nagraadse programme aangewys is en waarvan ten minste een lid 'n deskundige moet wees wat nie in diens van die Universiteit is nie. Die studente kan ook versoek dat die evaluering by wyse van vraestelle of ander skriftelike werkstukke gedoen word, in welke geval die vraestelle en werkstukke ekstern gemodereer moet word.
- Studente moet ook die module Navorsingsmetodologie voltooi ten einde ten minste 50% vir die werkstukke en praktiese aanbiedings te verwerf.
- As riglyn vir die omvang van die verhandeling word 120 A4 bladsye getik in 12 pt Arial lettergrootte met 1½ spasiëring gestel. Wesenlike afwyking hiervan moet voor indiening vir eksaminering deur die Direkteur Nagraadse programme goedgekeur word aan die hand van die vraag of dit in die besondere geval gepas is.
- Om toelating tot die skryf van 'n verhandeling te verkry, moet die studente 'n bevredigende navorsingsvoorstel in oorleg met 'n studieleier aan die Direkteur Nagraadse programme voorlê en voordra.
- Die verhandeling moet voor indiening elektronies aan die administratiewe beampte van die Fakulteit deurgegee word. Die Turnitin-verslag wat gegenereer word moet saam met die verhandeling ingedien word.
- Daar kan ook van 'n student verwag word om 'n artikel te skryf vir indiening vir publikasie as 'n volledige artikel in 'n gekrediteerde regstydskrif.
- Die eksaminering van die verhandeling geskied volgens die voorskrifte vervat in die Algemene Reëls A.7.5.
- Die verhandeling moet taalversorg word en 'n sertifikaat van die taalversorger moet aangeheg word.
- Die verhandeling word geassesseer deur 'n interne eksaminator (wat nie by studieleiding betrokke is nie) en 'n eksterne eksaminator wat nie aan die Universiteit verbonde is nie. Die finale punt van die verhandeling is die gemiddeld van die twee eksaminatore se punte. Na beoordeling van die eksaminatorverslae het die eksamenkomitee 'n diskresie om ander kriteria toe te pas.
- 'n Verhandeling of skripsie mag slegs een keer na die student terugverwys word en na grondige verwerking weer vir eksaminering ingedien word. Sien die Algemene Reëls A.7.5.2 insake die aantal eksaminerings-geleenthede wat 'n student gegee word.

- k) Die studies van 'n student kan getermineer word indien die student in gebreke bly om aan die fakulteitsreëls te voldoen, die maksimum duur van die studietydperk oorskry en reeds 'n waarskuwing van die fakulteit ontvang het. Algemene Reëls A.7.7.

R.1.10.4.1.2 Gestruktureerde LL M / MPhil

- a) Benewens die skryf van 'n skripsie, word assessering in elk van die modules in die program van die betrokke gestruktureerde LL M / MPhil by wyse van geskrewe vraestelle of mondelinge assessering afgeneem.
- b) Die student moet in die vraestelle of mondelinge assessering demonstreer dat hy/sy op 'n gevorderde vlak:
 - i) die toepaslike raamwerk, waardes en beginsels kan vasstel en wetenskaplik daarmee kan omgaan en
 - ii) die toepaslike regsreëls wetenskaplik kan navors en op feitesituasies kan toepas.
- c) Studente moet werkstukke wat aan die navorsings- en stylvereistes van die Fakulteit voldoen, voltooi. Die punte van die werkstukke vorm deel van die modulepunt wat behaal word. Die punte verwerf vir die werkstukke maak 50% uit van die finale punt wat vir die module behaal word.
- d) Om toelating tot die skryf van 'n skripsie te verkry, moet die student die module Navorsingsmetodologie suksesvol voltooi en 'n bevredigende navorsingsvoorstel in oorleg met 'n studieleier aan die Direkteur Nagraadse programme en Fakulteit voorlê en voordra.
- e) Die skripsie moet voor indiening elektronies aan die administratiewe beamppte van die Fakulteit deurgegee word. Die Turnitin-verslag wat gegenereer word moet saam met die skripsie ingedien word.
- f) Die student moet 'n skripsie skryf met 'n inhoud van ten minste 60 bladsye (A4, 1½ reëlspasiëring, Arial 12 pt).
- g) Daar kan ook van 'n student verwag word om 'n artikel te skryf vir indiening vir publikasie as 'n volledige artikel in 'n gekrediteerde regstydskrif.
- h) Die skripsie moet taalversorg word en 'n sertifikaat van die taalversorger moet aangeheg word.
- i) Die skripsie word deur 'n interne eksaminator (wat nie by die studieleiding betrokke was nie) en 'n eksterne eksaminator geassesseer. Die finale punt van die skripsie is die gemiddeld van die twee eksaminatore se punte. Na beoordeling van die eksaminatorverslae het die eksamenkomitee 'n diskresie om ander kriteria toe te pas.
- j) Studente moet in elke werkstuk 50% behaal ten einde toelating tot die eksamen te verkry.
- k) Die eksamensubminimum van LL M / MPhil modules is 50%.
- l) Alle eksamenantwoordstelle word deur een interne en een eksterne moderator gemodereer.
- m) By die berekening van die finale punt vir die graad word 50% toegeken vir die navorsingsverslag, 25% vir die navorsingswerkstukke en 25% vir die

punte behaal in die eksamenvraestelle. (sien ook Arbeidsreg (q) – en Vergelykende Kinderreg R1.8.5.2.5.1)

- n) 'n Skripsie mag slegs een keer na die student terugverwys word en na grondige verwerking weer vir eksaminering ingedien word. Sien die Algemene Reëls A.7.5.2 insake die aantal eksamineringsgeleenthede wat 'n student gegee word.
- o) Die studies van 'n student kan beëindig word indien die student in gebreke bly om aan die fakulteitsreëls te voldoen, die maksimum duur van die studietydperk oorskry en reeds 'n waarskuwing van die fakulteit ontvang het. Algemene Reëls A. 7.7.
- p) LLM Arbeidsreg – Die finale punte vir die graad word soos volg bereken: 60% van die punte toegeken vir die verhandeling, 20% van die punte toegeken vir die navorsingsopdragte, 20% van die punte toegeken in die finale module eksamens.

R.1.10.5 Programme vir die LL M / MPhil graad

R.1.10.5.1 LL M deur Navorsing en die skryf van 'n verhandeling

Die graad kan toegeken word op sterkte van 'n verhandeling oor 'n onderwerp in enige regsmodule ten opsigte waarvan daar na die oordeel van die Direkteur Nagraadse programme voldoende deskundigheid vir effektiewe leiding aan studente in die Fakulteit beskikbaar is. Studente moet ook die gespreksbyeenkomste van die module Navorsingsmetodologie bywoon, die werkstukke in die module suksesvol voltooi en slaag asook aan praktiese aanbiedings deelneem.

R.1.10.5.1.1 Samestelling van kurrikulum Magister Legum (604 104)

Kies een van die volgende modules:

Modulekode	Module kode	Beskrywende naam	Krediete
R826P	LVIA 871	Internasionale Aspekte van die Reg	180
R827P	LVPE 871	Perspektiewe op die Reg	180
R828P	LVTB 871	Handel- en Besigheidsreg	180
R829P	LVPR 871	Privaatreg	180
R830P	LVCL 871	Staatsreg	180
R831P	LVFL 871	Formele Reg	180
R832P	LVLP 871	Regsprofessie	180
Krediet totaal vir die kurrikulum			180

R.1.10.5.2 Gestruktureerde LL M / MPhil

Indien daar nie voldoende belangstelling vir 'n keusemodule is nie, kan die Direkteur Nagraadse programme besluit dat die betrokke module nie dié betrokke jaar aangebied word nie. Die Direkteur het die diskresie om goed gemotiveerde skriftelike aansoeke van studente te oorweeg wat vir 'n keusemodule uit 'n ander LL M program wil registreer.

R.1.10.5.2.1 Samestelling van kurrikulum – LL M in Arbeidsreg (R810P)

Die program word uit die volgende verpligte modules saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
LMLL 811	Individuele Arbeidsreg	20
LMLL 812	Kollektiewe Arbeidsreg en Geskilbeslegting	20
LMLL 821	Volke- en Vergelykende Arbeidsreg	20
LMLL 822	Sosiale Sekerheid, Beroepsbesigheid- en veiligheidsreg	20
LMLL 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie	100
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

R.1.10.5.2.2 Samestelling van kurrikulum – LL M in Boedelreg (R823P)

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
LLMB 881	Boedelbeplanningsreg	22
LLMB 882	Belastingreg	20
LLMB 883	Sakereg en Eiendomswetgewing	16
LLMB 884	Gevorderde Huweliksgoedere- en Erfreg	16
LLMB 885	Finansiële Beplanningsreg	16
LLMB 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie	90
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

R.1.10.5.2.3 Samestelling van kurrikulum – LL M in In- en Uitvoerreg (R824P)

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
	Verpligte modules	
LLMI 895	Internasionale Betalingsinstrumente en Waarborge	18
LLMI 886	Internasionale Kontrakereg	18
LLMI 887	Internasionale Vervoerreg	18
LLMI 894	Doeane en Aksynsreg	18
LLMI 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie	90
Krediet totaal vir die modules		162
	Kies een van die volgende modules	
LLMI 896	Oorgrens Insolvensiereg en Internasionale Oordrag van Tegnologie	18
LLMO 882	Internasionale Omgewingsreg	18
LLMI 888	Internasionale Privaatreg en Aspekte van Versekeringsreg	18
LLMI 892	Internasionale Kommersiële Arbitrasie	18
LLMI 893	Internasionale Belastingreg	18
Krediet totaal vir die modules		18
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

R.1.10.5.2.4 Samestelling van kurrikulum–LL M in Omgewingsreg en –beheer (R821P)

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
	Verpligte modules	
LLMO 881	Suid-Afrikaanse Omgewing- en Beplanningsreg	36
LLMO 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie	90
Krediet totaal vir die modules		126
	Kies drie (3) van die volgende modules	
LLMO 882	Internasionale Omgewingsreg	18
LLMO 883	Regionale Omgewingsreg	18
LLMO 884	Administratiefreg	18
LLMO 885	Plaaslike Owerheid- en Omgewingsreg	18
LLMO 886	Beroepsgesondheid- en Veiligheidsreg	18
LLMO 887	Klimaatveranderingsreg en -beheer	18
Krediet totaal vir die modules		54
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

R.1.10.5.2.5 Samestelling van kurrikulum – LL M in Vergelykende Kinderreg (R807P)

Die program word slegs voltids en in Engels aangebied. Sekere modules word net by die Justus Liebig Universiteit, Giessen, Duitsland aangebied.

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam P=Potchefstroom G=Giessen	Krediete
LLMC 811	Comparative Child and Family Law – part 1 (P)	16
LLMC 812	International Family Law – Transborder Issues part 1(P)	16
LLMC 813	Comparative Social Justice (P)	32
LLMC 821	Comparative Child and Family Law – part 2 (G)	16
LLMC 822	International Family Law – Immigration Law part 2(G)	16
LLMC 824	International Children's Human Rights (G)	16
LLMC 825	Juvenile Criminal Justice (G)	16
LLMC 826	Comparative Research Methodology and Dissertation (P&G)	60
LLMC 817	Internship (P&G)	8
Krediet totaal vir die kurrikulum		196

1.10.5.2.5.1 Internal assessment:

- Besides writing a dissertation, assessment in each of the modules in the programme will be conducted by means of a written examination paper or an oral examination.
- Participation of students in a module is monitored by way of their assignments, which shall comply with the style requirements of the two faculties and the level descriptors for master's programmes (SAQA requirements); and also by way of group discussions and oral presentations, which must be professionally presented by making use of appropriate IT, among others.
- The marks awarded for these assignments are taken into account in calculating the final mark for the module.
- The marks achieved for the assignments count 33% towards the final mark for the module.
- To gain admission to the writing of a dissertation, the student must complete a module in research methodology and, in consultation with his or her supervisor, submit a satisfactory research proposal to the various faculty boards.
- The dissertation must, in the opinion of the examiners, be suitable for publication as a full-length article in an accredited (Potchefstroom) or recognised (Giessen) law journal.
- The final mark for the degree is calculated by awarding a proportion of 34% to the mark obtained for the dissertation, 33% to the marks for the research assignments and 33% to the marks obtained in the final examination of the modules.

1.10.5.2.5.2 External moderation:

An external moderator in the field of a specific module is appointed. The external moderator moderates both the exam paper and memorandum/assessment framework as well as the written exams of the students. The work plan or study guides as well as a memorandum or assessment framework will be provided to the external examiner.

The exam papers are moderated within one week and returned to the programme directors for review. The process is appropriate to the mode of delivery, as an expert from another university and/or institution will confirm or question the grades given by the lecturer within an acceptable timeframe. The dissertation will be assessed in the same manner. At the North-West University, supervisors may not be involved in the assessment of the dissertation.

R.1.10.5.2.6 Samestelling van kurrikulum – MPhil in Omgewingsreg en -beheer (R822P)

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
	Verpligte modules	
LLMO 881	Suid-Afrikaanse Omgewing- en Beplanningsreg	36
LLMO 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie	90
OMBO 878	Omgewingsbestuur *	40
Krediet totaal vir die modules		166
	Kies een van die volgende modules	
LLMO 882	Internasionale Omgewingsreg	18
LLMO 883	Regionale Omgewingsreg	18
LLMO 885	Plaaslike Owerheid en Omgewingsreg	18
LLMO 886	Beroepsgesondheid en Veiligheidsreg	18
LLMO 887	Klimaatveranderingsreg en -beheer	18
Krediet totaal vir die modules		18
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

* Die module Omgewingsbestuur word al om die tweede jaar aangebied. Die volgende aanbieding is in 2013.

R.1.10.6 Lys van LL M en LL D modules

Modulekode	Beskrywende Naam P=Potchefstroom G=Giessen	Voorvereistes	Krediete
LVIA 871	Internasionale Aspekte van die Reg		180
LVPE 871	Perspektiewe op die Reg		180
LVTB 871	Handel- en Besigheidsreg		180
LVPR 871	Privaatreg		180
LVCL 871	Staatsreg		180
LVFL 871	Formele Reg		180
LVLP 871	Regsprofessie		180
LMLL 811	Individuele Arbeidsreg		20
LMLL 812	Kollektiewe Arbeidsreg en Geskilbeslegting		20
LMLL 821	Volke- en Vergelykende Arbeidsreg		20
LMLL 822	Sosiale Sekerheid, Beroepsbesigheid en -veiligheidsreg		20
LMLL 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie		100
LLMB 881	Boedelbeplanningsreg		22
LLMB 882	Belastingreg	JURE 313	20
LLMB 883	Sakereg en Eiendomswetgewing		16
LLMB 884	Gevorderde Huweliksgoedere- en Erfreg		16
LLMB 885	Finansiële Beplanningsreg		16
LLMB 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie		90
LLMI 895	Internasionale Betalingsinstrumente en Waarborge		18

LLMI 886	Internasionale Kontraktereg		18
LLMI 887	Internasionale Vervoerreg		18
LLMI 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie		90
LLMI 896	Oorgrens Insolvensiereg en Internasionale Oordrag van Tegnologie		18
LLMO 882	Internasionale Omgewingsreg		18
LLMI 888	Internasionale Privaatreg en Aspekte van Versekeringsreg		18
LLMI 892	Internasionale Kommersiële Arbitrasie		18
LLMI 893	Internasionale Belastingreg		18
LLMI 894	Doeane en Aksynsreg		18
LLMO 881	Suid-Afrikaanse Omgewings- en Beplanningsreg		36
LLMO 873	Navorsingsmetodologie en Skripsie		90
LLMO 882	Internasionale Omgewingsreg		18
LLMO 883	Regionale Omgewingsreg		18
LLMO 884	Administratiefreg		18
LLMO 885	Plaaslike Owerheids- en Omgewingsreg		18
LLMO 886	Beroepsgesondheid- en Veiligheidsreg		18
LLMO 887	Klimaatsveranderingreg en -beheer		18
OMBO 878	Omgewingsbestuur 11		40
LLMC 811	Comparative Child and Family Law – part 1 (P)		16
LLMC 812	International Family Law- Transborder issues part 1		16
LLMC 813	Comparative Social Justice (P)		32
LLMC 821	Comparative Child and Family Law- part 2 (G)		16
LLMC 822	International Family Law- Immigration Law part 2 (G)		16
LLMC 824	International Children's Human Rights (G)		16
LLMC 825	Juvenile Criminal Justice (G)		16
LLMC 826	Comparative Research Methodology and Dissertation (P&G)		60
LLMC 817	Internship (P&G)		8

R.1.11 REÛLS VIR DIE GRAAD DOCTOR LEGUM (LL D)

R.1.11.1 LL D verwerf deur die skryf van 'n proefskrif

Die graad kan toegeken word op sterkte van 'n proefskrif oor 'n onderwerp in enige regsmodule ten opsigte waarvan daar na die oordeel van die Direkteur: Nagraadse programme voldoende deskundigheid vir effektiewe leiding aan studente in die Fakulteit beskikbaar is. Daar word aanbeveel dat studente die kontakssessies van module Navorsingsmetodologie bywoon. Studente moet hul navorsingsvoorstel aan die Fakulteit voordra.

R.1.11.2 Duur (minimum en maksimum duur)

Die studietydperk strek oor minstens twee studiejaar. Binne vier jaar na registrasie moet 'n student aan al die vereistes vir die graad LL D voldoen. Indien 'n student die studie na vier jaar nog nie voltooi het nie, word die studie getermineer. Die Direkteur Nagraadse programme kan egter tot 'n verlenging van die tydperk instem na oorweging van:

- a) die vordering wat reeds gemaak is;
- b) die waarskynlikheid dat die studente dit wel in een jaar sal voltooi;
- c) die vraag of die oorspronklike motivering nie reeds verval het nie;
- d) die vraag of daar nie ander kandidate is wat oor dieselfde onderwerp navorsing gedoen het, doen of wil doen nie; en
- e) die vraag of die promotor nog beskikbaar is.

R.1.11.3

Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

Om toelating tot die LL D-studie te verkry, moet 'n student oor 'n LL M-graad van hierdie of 'n ander Suid-Afrikaanse universiteit beskik of oor die status van sodanige magistergraad wat deur die Senaat op versoek verleen kan word. Voorts kan die Direkteur Nagraadse programme vereis dat 'n student voldoende bewys van navorsingsvaardigheid moet voorlê alvorens toestemming tot registrasie verleen word.

Die student moet met aansoek tot toelating 'n twee (2) bladsy voorlopige navorsingsvoorstel indien om voldoende deskundigheid vir effektiewe leiding in die Fakulteit te bepaal of bestaan en/of 'n promotor aan te wys.

'n Evaluasiesertifikaat soos uitgereik deur die "*South African Qualifications Authority*" (SAQA) moet 'n toelatingsaansoek vergesel indien 'n kwalifikasie(s) in die buiteland verwerf is.

R.1.11.4

Eksaminering

- a) Ten einde toelating tot die skryf van 'n proefskrif te verwerf, moet student 'n eksamen slaag oor 'n kernmodule en twee addisionele modules wat deur die promotor in oorleg met die Direkteur Nagraadse programme vir die spesifieke studie voorgeskryf is. Die evaluering van die studente geskied voor 'n paneel wat soos volg saamgestel is: dekaan en/of Direkteur Nagraadse programme (*ex officio*), twee interne lede van die Fakulteit en/of Universiteit en twee eksterne kundiges van buite die Universiteit.
- b) 'n Student kan op versoek van die vereiste mondelinge eksamen genoem in (a) deur die Direkteur Nagraadse programme vrygestel word op grond van bevredigende bewyse dat 'n vergelykbare en toepaslike eksamen deur die student afgelê is ter voorbereiding van die verwerwing van die LL M of na assessering van die student se vorige leer en/of praktykervaring.
- c) 'n Proefskrif word ooreenkomstig die toepaslike bepalinge van die Algemene Reëls geëksamineer deur een interne eksaminator nie by studieleiding betrokke nie en twee eksterne eksaminatore soos goedgekeur deur die Direkteur Nagraadse programme en die Fakulteitsraad.
- d) Die proefskrif moet voor indiening elektronies aan die administratiewe beamppte van die Fakulteit deurgegee word. Die Turnitin-verslag wat gegenereer word moet saam met die proefskrif ingedien word.
- e) Die proefskrif moet taalversorg word en 'n sertifikaat van die taalversorger moet aangeheg word.

- f) 'n Kandidaat moet in die loop van die doktorale studie 'n publikasie oor 'n onderwerp wat met die tema van die proefskrif verband hou vir plasing in 'n regs wetenskaplike tydskrif of vakkundige werk tot die bevrediging van die promotor voorberei en vir publikasie aanbied voordat die proefskrif vir eksaminering ingedien mag word.

R.1.11.5 Beëindiging van studies

Die studies van 'n student kan beëindig word indien die student in gebreke bly om aan die fakulteitsreëls te voldoen, die maksimum duur van die studietyperk oorskry en reeds 'n waarskuwing van die fakulteit ontvang het.

R.1.11.6 Kwalifikasie uitkomst

In die loop van die studie moet die LL D-studente :

- omvattende en sistematiese kennis in 'n bepaalde vakgebied en die vermoë om die kennis toe te pas;
- bewys van bemeestering van die toepaslike navorsingsvaardighede deur 'n tersaaklike en uitvoerbare navorsingsonderwerp te formuleer, dit deur 'n duidelike probleemstelling te motiveer by wyse van die ontwikkeling van uitgangspunte en veronderstellings, die daarstelling van 'n oplossingsraamwerk en die ontwerp van 'n uitvoerbare navorsingsprogram;
- 'n samehangende en kritiese begrip van die metodologie van die bepaalde vakgebied, ten einde huidige navorsing op hierdie gebied krities te evalueer, aan wetenskaplike debatte en navorsing rakende teorie en praktyk deel te neem en onafhanklike standpunte in te neem;
- gevorderde vaardigheid in inligtingsherwinning en -verwerking ten einde inligting met betrekking tot vraagstukke in die vakgebied te identifiseer, krities te ontleed en te sintetiseer, en oplossings in huidige publikasies vanuit teoretiese en navorsingsperspektiewe te debatteer;
- die vermoë om die etiek, waardes, reëls, norme en regulasies rakende die regsgebied krities te evalueer en toe te pas;
- die vermoë om 'n beduidende en oorspronklike akademiese bydrae tot die regsgebied te lewer, en om dit deur 'n proefskrif wat aan internasionale standaarde voldoen te kan kommunikeer.

R.1.11.7 Samestelling van die kurrikulum Doctor Legum (605 104)

Modulekode	Module kode	Beskrywende naam	Krediete
R906P	LVIA 971	Internasionale Aspekte van die Reg	360
R907P	LVPE 971	Perspektiewe op die Reg	360
R908P	LVTB 971	Handels- en Besigheidsreg	360
R909P	LVPR 971	Privaatreg	360
R910P	LVCL 971	Staatsreg	360
R911P	LVFL 971	Formele Reg	360
R912P	LVLP 971	Regsprofessie	360
Krediet totaal vir die kurrikulum			360

R.2 MODULE UITKOMSTE

R.2.1 MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT REGTE

Modulekode: JURI 111	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Inleiding tot die Reg		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik: • 'n grondige kennis van die teorie van die regs wetenskap met spesifieke verwysing na die konsepte van die reg, basiese regskonsepte en -prosesse, inligtingversamelingsvaardighede, bronne van die reg, die basiese hofstruktuur, grondwetlike ontwikkelinge, klassifikasie van die verskeie regsdissiplines en regsprofessies, en professionele en etiese aangeleenthede; • die vermoë om inligting te versamel en te ontsluit vanuit verskeie bronne en om die inligting te integreer in eties verantwoordbare en waardegedrewe oplossings tydens elementêre probleemoplossing; • die vermoë om kennis, basiese beginsels, teorieë, regsterminologie, konsepte en gebruike toe te pas ten aansien van die formulering van oplossings tydens elementêre probleemoplossing; individueel en in groepsverband; en • die vermoë om effektief te kommunikeer, beide skriftelik en mondeling.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 113	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Regsgeskiedenis		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik: • fundamentele kennis met betrekking tot die eksterne grondslae van die Suid-Afrikaanse reg asook die interne grondslae van die prosesreg, erfreg, publiekreg, persone- en familiereg; • individueel of in groepsverband die kennis kan toepas op bekende en onbekende feitestelle gebaseer op moontlike werklike situasies en die formuleer en aanpas van oplossings; en • die versamel, interpretasie, analise en sintese van inligting rakende regsgeskiedenis en die vermoë om die inligting, gebaseer op basiese akademiese en etiese beginsels, te kan toepas.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 114	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Persone- en Regspersonereg		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik: • fundamentele kennis van die persone- en regspersonereg, met besondere verwysing na die regsobjektiwiteit van natuurlike-en regspersone, en ingeligte begrip van die belangrike terme, reëls, konsepte, algemene beginsels en teorieë; • die vermoë om die kennis individueel en in groepsverband op die ontleding van gegewe feitestelle en die formulering van oplossings of wysigings aan oplossings, te kan toepas; • en die vermoë om die resultate van elementêre (aan die hand van literatuur) navorsing en probleemoplossing samehangend en geloofwaardig volgens die regsetiek, mondeling en skriftelik te kan oordra.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		

Modulekode: JURI 121	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Inheemse Reg		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module, moet studente oor die volgende beskik:		
• fundamentele kennis van die terme, konsepte, beginsels, aspekte en teorieë wat inheemse reg onderlê en moet veral die reëls van inheemse reg kan weergee; • moet individueel en in groepe die inhoud en toepassing van Afrika-inheemse reg met regsreëls in ander regsisteme kan vergelyk; • die vermoë om inligting rakende geïdentifiseerde aspek van die inheemse reg k an versamel; • moet sy of haar kennis van inheemse reg kan analiseer na aanleiding van feite en moet individueel of in groepverband oplossings voorstel.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 122	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Regsvaardighede		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n fundamentele kennis en ingeligte begrip van die samehang van die LL B- kurrikulum en die gepaardgaande - o regsterminologie binne die konteks van mondelinge en geskrewe kommunikasie; - o basiese en toepaslike syfermatige-, rekenkundige- en rekenaarvaardighede soos benodig in die regspraktik; - o basiese navorsingsvaardighede soos deur die regspraktik vereis; en - o noodsaaklike kritiese, analitiese, evaluerende en logiese kognitiewe vaardighede vir die voer van regsargumente. • 'n fundamentele kennis en ingeligte begrip van die waarde van bogenoemde vaardighede vir die regsberoep aan die hand van voorbeelde uit die praktik; • die vermoë om die toepassing van spesifieke vaardighede deeglik omskrewe praktiese voorbeeld te kan identifiseer en die gebruik daarvan te kan motiveer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 123	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Kontemporêre Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• fundamentele kennis met verwysing na die interne grondslae van die Suid-Afrikaanse sakereg, deliktereg en kontraktereg sodat die student nie alleen; • die verskillende aspekte van die interne grondslae van die Suid-Afrikaanse reg samehangend en geïntegreerd kan verstaan nie; maar ook • bekende en onbekende feitestelle kan analiseer, kennis kan toepas en oplossings kan formuleer; en • die feite skriftelik kan weergee deur gebruikmaking van die konvensies wat in regs kommunikasie gebruik word.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 124	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Erfreg		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n basiese kennis en ingeligte begrip van die erfreg, met spesifieke verwysing na		

- o die basiese terminologie, begrippe, reëls en beginsels van testate en intestate erfreg; - o die gemenerereg en statutêre posisie met betrekking tot testate en intestate erfopvolging; en - o die mees onlangse en moderne ontwikkelinge met betrekking tot erfreg. • die vermoë om hulle kennis van die erfreg (en hulle basiese navorsingsvaardighede) toe te pas om goed gedefinieerde probleme binne 'n familiekonteks op te los; • die vermoë om'n verandering aan 'n probleem te kan identifiseer en evalueer en die behoeftes van die verandering te kan voorsien om sodoende die aangepaste probleem te kan oplos; • die vermoë om inligting samehangend te verwoord deur basiese konvensies te volg wat vir regsdiskoers toepaslik is.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 211	Semester 1	NKR-Vlak: 6
Titel: Strafre: Algemene Beginsels		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik: • grondige kennis rakende die algemene beginsels van die Strafre met besondere verwysing na - o die plek van die Strafre in die regstelsel; - o die geskiedenis en bronne van die Strafre; - o strafteorieë; - o die algemene elemente van 'n misdaad; - o deelneming aan misdaad; en - o poging, sameswering en uitlokking. • 'n deeglike begrip van die interne skryfstylvereistes, sleuteltermes, prosedures, formate en konvensies, teorieë en beginsels in beredenering en die oplossing van probleme; • die vaardigheid om probleme op te los deur middel van kritiese ontleding, die verkryging van inligting, evaluering van die verkreeë inligting en die formulering en aanbieding van moontlike oplossings vir goed gedefinieerde maar onbekende probleme; en • die vermoë om, gepas volgens die studievlak, inligting samehangend, skriftelik asook mondeling, deur middel van gepaste tegnologie op 'n eties gesonde en waardegebaseerde wyse oor te dra.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 213	Semester 1	NKR-Vlak: 6
Titel: Strafpesereg		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik: • deeglike kennis en grondige begrip van die terminologie, beginsels en prosedure van die <i>Strafpesereg</i>, met besondere verwysing na - o die algemene verloop van 'n strafsak; - o die tersaaklike waardes rakende die <i>Strafpesereg</i>; - o strafhowe en hulle jurisdiksie; - o beginsels rakende vervolgings en die rol van ander staatsamptenare; - o voorverhoor strafprosesse; - o borgaansoeke en alternatiewe optrede in plaas daarvan, en - o aktes van beskuldiging en klagstate. • die vermoë om tersaaklike regsreëls en -beginsels te identifiseer en toe te pas sodat duidelik gedefinieerde maar onbekende feitlike en wetlike probleme opgelos kan word deur gebruik te maak van die korrekte prosedure en toepaslike bewyse; • die vermoë om inligting en oplossings samehangend en duidelik met mekaar in verband		

te bring deur die gebruik van professionele formate, insluitend die opstel van relevante dokumente gedurende 'n kriminele verhoor; en die vermoë om oplossings sodanig met toepaslike tegnologie te integreer dat dit, eties geloofwaardig en waardegebaseerde, aan akademies-professionele persone uitgelê kan word.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 214	Semester 1	NKR-Vlak: 6
Titel: Staatsreg		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik: - grondige kennis aangaande Staatsreg en die vernaamste velde wat dit insluit, asook die vermoë om werklikheidsverwante scenario's (goed gedefinieerde maar onbekende probleme binne bekende kontekste) voortspruitend uit problematiese Suid-Afrikaanse strukturele Grondwetlike regskwessies, te ontleed; - die vasstelling van inligtingstekorte betreffende problematiese kwessies, die beplanning van elementêre navorsing in dié opsig, die verkryging van toegang tot tersaaklike bronne en die versameling van toepaslike inligting; - die doelmatige integrering van bekomde inligting en aanbod van vindingryke oplossings deur die gebruik van algemene terminologie, leerstellings, onderliggende en gevestigde teorieë en beginsels, verwante konsepte, prosesse, prosedures en tegnieke in Staatsreg. Leerders moet ook in staat wees om akademies -professionele diskoers mondeling en/of skriftelik samehangend te kan voer; en - oplossings moet aan professionele- asook leke-gehoor, individueel of in groepsverband, voorgelê kan word deur gebruik te maak van toepaslike elektroniese toerusting en aanvaarbare formate gebaseer op spesifieke konvensies om sodoende ingeligtheid aangaande verwante gebiede te toon.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 215	Semester 1	NKR-Vlak: 6
Titel: Ondernemingsreg		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik: 'n goedgevormde sistematiese kennis van Ondernemingsreg met besondere verwysing na die beginsels wat die reg ten opsigte van vennootskappe, ondernemingstrusts, maatskappye en Beslote Korporasies onderlê; - korrekte gebruik van terminologie en terme wat eie is aan die ondernemingsreg, insluitend die begrip regspersoonlikheid in ondernemingsverband, in mondelinge en geskrewe kommunikasie asook teen die agtergrond van die reg ten opsigte van kontrakte; - moet begrippe en konsepte gemeenskaplik aan die verskillende vertakings van Ondernemingsreg analiseer en die beginsels daarvan in feitelike situasies gevind in die reële ondernemingswêreld kan toepas; - moet op 'n deeglik gemotiveerde wyse, met behulp van analisering van feitelike situasies en teen die agtergrond van die beginsels van die ondernemingsreg soos gevind in relevante gemene reg, toepaslike regspraak en statutêre reg, probleme kan oplos; en - op 'n logiese en duidelike wyse en met 'n goedgefundeerde regs- en waardegebaseerde begronding oplossings kan gee vir ondernemingsreg-gebaseerde probleme wat oorvleuel met verbandhoudende regsgebiede.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		

Modulekode: JURI 216	Semester 1	NKR-Vlak: 6
Titel: Familiereg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n grondige kennis oor die aard en inhoud van die familiereg moet aangetoon kan word, met spesifieke verwysing na - o die juridiese vereistes vir 'n huwelik; - o die onveranderlike gevolge van 'n huwelik; - o die veranderlike gevolge van 'n huwelik; - o regsvoorskrifte met betrekking tot egskeiding en die persoonlike en vermoënsregtelike gevolge van egskeiding; en - o die ouer-kind verhouding. • moet enige gekose feitestel kan analiseer, verdere inligting waar en wanneer nodig vanuit toepaslike bronne kan onttrek om aan die hand daarvan 'n oplossing te bereik; • moet inligting kan evalueer en moontlike oplossing ooreenkomstig verwagtinge op hierdie vlak en met inagneming van die huisstyl en aanvaarde gebruike en formaat te formuleer ten einde 'n probleem op te los; en • moet oplossings skriftelik of mondeling, individueel of in groepsverband, kan oordra.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 217	Semester 1	NKR-Vlak: 6
Titel: Uitleg van Wette		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n soliede kennis van die verskillende benaderings tot wetsuitleg met betrekking tot die terminologie, teorieë en beginsels wat wetsuitleg onderlê; • die vermoë om individueel en in groepsverband verskillende interpretasies te gee van feitestelle wat gebaseer is op regsargumentasie; • die vermoë om bevindinge/verslae/interpretasies mondeling en geskrewe in die huisstyl van die fakulteit volgens goedgekeurde konvensies en formate weer te gee en om voorstellings daarvan te kan maak volgens die gepaste/gekose tegnologie; • die vermoë om 'n etiese en waardegedrewe benadering in alle kommunikasie te bewys.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 221	Semester 2	NKR-Vlak: 6
Titel: Strafreg: Besondere Misdade		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n grondige kennisbasis van die Strafreg met spesifieke verwysing na die beginsels wat 'n seleksie van spesifieke misdade teen die staat, die persoon en liggaamlike vryheid of integriteit en teen eiendom beheer; • die vermoë om die terminologie wat spesifiek op die Strafreg van toepassing is binne konteks in geskrewe en mondelinge aanbieding te kan toepas; • die vermoë om misdade binne die Strafreg ingevolge die gemenerereg en statutêre bedeling te kan analiseer en om die relevante statutêre en gemeenregtelike reëls en beginsels waarop die staat oortreders kan skuldig bevind en straf vir die onregmatige, strafbare handeling en/of versuim wat spesifieke misdade daarstel, aan te dui binne konteks en te kan toepas in feitestelle; • die vermoë om probleme te kan oplos deur feitestelle te analiseer en oplossings te formuleer met verwysing na die toepaslike regspraak en statutêre bepalinge; en • die vermoë om eie standpunte te kan weergee in die klas tydens groep- en ander		

besprekings of voordragte op sinvolle en logiese wyse wat spreek van'n gesonde etiese en waardegedrewe inslag.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 223	Semester 2	NKR-Vlak: 6
Titel: Strafprosesreg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n deeglike kennis en grondige begrip van die terminologie, beginsels en prosedure van die <i>Strafproseswet</i>, met besondere verwysing na die kriminele verhoor, wat pleit, appèl en hersieningsmoontlikhede behels; • die vermoë om effektief te onderskei en relevante regsreëls en -beginsels te identifiseer en toe te pas, sodat duidelik gedefinieerde maar onbekende feitlike en wetlike probleme opgelos kan word deur gebruik te maak van die korrekte prosedure en toepaslike bewyse; • die vermoë om inligting en oplossings samehangend en duidelik weer te gee en te integreer deur die gebruik van professionele formate, insluitend die opstel van relevante dokumente gedurende die verhoor; en • die vermoë om effektief te kommunikeer, skriftelik asook mondeling, gebaseer op verwagte, sterk eties gebaseerde en waardegedrewe argumentasie en diskoers.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 224	Semester 2	NKR-Vlak: 6
Titel: Arbeidsreg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n goedafgeronde en sistematiese kennis van die Arbeidsreg met verwysing na die beginsels wat die dienskontrak beheer, die prosedures wat deur wetgewing voorgeskryf is, die individuele en kollektiewe arbeidsverhoudinge en die invloed van die <i>Grondwet</i> op hierdie aspekte; • moet probleme kan oplos deur feitestelle te analiseer en bronne van spesifieke arbeidsreggevalle te identifiseer, inligting te versamel en toe te pas en behoorlike argumente te voer om op 'n geordende manier oplossings te formuleer met verwysing na die toepaslike regspraak en statutêre bepalinge; en • eie standpunte moet in die klas weergegee kan word tydens groep- en ander besprekings of voordragte op sinvolle en logiese wyse wat spreek van'n gesonde etiese en waardegedrewe inslag.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 225	Semester 2	NKR-Vlak: 6
Titel: Deliktereg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n grondige kennis van die beginsels van deliktereg, omstandighede waaronder delikte en deliktuele aanspreeklikheid mag ontstaan, die vereistes vir die totstandkoming en beëindiging van deliktuele aanspreeklikheid en die verskillende beskikbare regsgeldige remedies beskikbaar in die privaatreë en nuwe grondwetlike bedeling; • begrip van die verhouding en interaksie tussen die deliktereg en die vermoë om tersaaklike inligting uit ander regsvelde, byvoorbeeld strafreg, te put; • die vermoë om praktiese en elementêre werklikheidsverwante probleme op sistematiese wyse op te los deur analisering van die probleem, versameling van inligting, evaluering van verkreeë inligting en die integrering van die inligting in 'n moontlike/voorgestelde		

oplossing; en oplossings moet mondeling of skriftelik aan professionele- asook leke-gehoore voorgelê kan word, ondersteun deur toepaslike elektroniese toerusting, regsgeldige argumentering en diskoers gebaseer op eties geloofwaardige en waardegedrewe beginsels.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 226	Semester 2	NKR-Vlak: 6
Titel: Sakereg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
- bewys lewer van 'n grondige kennis van die volgende aspekte van Sakereg: - die regsverhouding tussen persone en bates met betrekking tot die aard van die bates en die oorsprong, gevolge en beëindiging van elke sodanige verhouding; - die vereistes vir die verkryging, gevolge en beskerming van eiendomsreg, besit, houterskap en beperkte saaklike regte; en - die beskerming van eiendom as 'n grondwetlike reg. - die vermoë om die kennis toe te pas deur die leerstof doeltreffend te selekteer en te gebruik met die oog op die oplossing van goed omskrewe maar onbekende regsprobleem deur die gebruik van relevante kennis, korrekte prosedure en geskikte bewysmateriaal; - die vermoë om die leerstof krities te analiseer en doeltreffend en verstaanbaar te kommunikeer; en - die vermoë om eties en waardegedrewe in die toepassing van die vakgebied op te tree.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 311	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Landdroshofprosesreg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van Landdroshofprosesreg asook die vernaamste verwante velde daarvan hê gedetailleerde kennis aangaande die jurisdiksie van die Landdroshof betreffende persone en aard van die eis, uitbreiding en beperking van jurisdiksie, <i>Locus standi in iudicio</i>, siviele prosedure, betekening van hof- en ander regsdokumente, berekening van <i>dies induciae</i>, beskikbare opsies vir verweerder en respondent, die voorbereiding vir 'n siviele verhoor, die verhoorprosedure wat gevolg moet word en die vonnisse van 'n Landdroshof; - samehangende en kritiese begrip van terme, konsepte, reëls, prosedures en beginsels onderliggend aan die Landdroshof kan aantoon in alle werksaamhede en kommunikasies; 'n vermoë om met onbekende konkrete en abstrakte probleme vervaar in feitestelle vanuit onbekende kontekste te handel deur die gebruik van teoriegedrewe argumente en getuienisgebaseerde oplossings; en - die vermoë van opstelling, aanbieding/voordrag en toon van kommunikasie-vaardighede in die voorbereiding, opstel en aanbieding van goed gestruktureerde regsgeldige menings/argumente en hof- of ander regsdokumente (bogenoemde), deur die gebruik van toepaslike tegnologie en tegnieke, eties geloofwaardig en waardegedrewe.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		

Modulekode: JURI 312	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• die vermoë om afgeronde en sistematiese kennis van die Substantiewe Reg op alle tersaaklike en praktiese aspekte van Regspraktyk en die regsberoep toe te pas; • praktiese vaardighede betreffende konsultasie met kliënte, die opstel van briewe, pleitstukke en saak-analisering, asook navorsingsvaardighede aangaande die inwin van noodsaaklike inligting; • die vermoë om die vaardighede wat in JURI 122 (Regsvaardighede) verwerf is, toe te pas om sodoende die substantiewe reëls effektief te selekteer om op verskeidenheid gevalle te kan toepas; • deeglike, kritiese begrip van Regsetiek en die toepassing daarvan in die praktyk; en • die vermoë om op effektiewe wyse die basiese beroepsvaardighede binne kriminele verhoor-milieu gebaseer op werklikheidsverwante sake/probleme toe te pas, ondersteun deur die nodige tegnologiese hulpmiddels.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 313	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Regsfilosofie		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n deeglik afgeronde en sistematiese kennis van die terminologie van Regsfilosofie en verskillende teoretiese benaderings tot die reg en regstudie, met besondere verwysing na: - o Westerse Regsfilosofiese benaderings - o Regsfilosofiese debatte uit die twintigste eeu - o Huidige Regsfilosofiese vraagstukke • die vermoë om verskillende beskouings krities te vergelyk en om eie idees rakende die kwessies te formuleer; • die vermoë om noodsaaklike inligting te bekom vir die oplossing van 'n probleem of om kwessies of onderwerpe in die Regsfilosofie te kan ontleed en evalueer; en • die vermoë om oplossings vir probleme te kan oordra en om eie beskouings en idees doeltreffend op verskillende wyses te kan oordra.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 314	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Bewysreg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n vakkundige en gespesialiseerde kennis van die reëls van die bewysreg, in die besonder van die volgende aspekte: - o die wyse waarop die geskilpunte in 'n saak vasgestel word; - o die toelaatbaarheid van bewysmateriaal; - o die toelaatbaarheid van getuienis wat op 'n onbehoorlike wyse verkry is; - o die relevansie van getuienis; - o die uitsluitingsreëls. • 'n duidelike begrip van die reëls, begrippe en beginsels van die bewysreg en dat hulle die vermoë het om dit te kan toepas by die oplossing van probleemstelle; • die vermoë om onbekende, konkrete en abstrakte feitestelle krities te analiseer en om behoorlik gestruktureerde, teoreties begroonde, waardegedrewe en eties korrekte		

oplossings aan die hand te doen; - die vaardighede om, individueel of in groepe, inligting uit verskeie bronne in te samel, dit te verwerk en dit in mondelinge of skriftelike formaat (met inagneming van die huisstyl) weer te gee; - die vermoë om oplossings waarin sy/haar eie idees en opinies weergegee word, of enige ander inligting, op 'n professionele wyse in akademiese gesprekke te kan kommunikeer; en die vermoë om sy/haar eie werk te evalueer en dienoreenkomstig te reageer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 315	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Kontraktereg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente beskik oor:		
'n goed afgeronde en sistematiese kennis met spesifieke verwysing na die regsbeginsels van toepassing op die kontraktereg; - die vermoë om 'n feitestel te analiseer, die kennis toe te pas en moontlike oplossings te formuleer; - die vermoë om aan die hand van 'n feitestel die reg na te vors, moontlike oplossings te evalueer en die beste geïntegreerde oplossing vir die probleem te formuleer; en - die vermoë om die reg, toegepas op verskillende feitelike situasies, skriftelik en mondeling te kommunikeer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 316	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Volkereg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
'n afgeronde en sistematiese kennis van die aard, geskiedenis, en bronne van die Volkereg en die verhouding tussen die Volkereg en die munisipale reg; die funksionering van die staat as subjek van die Volkereg insluitende die kriteria vir staatskap, staatsgebied, en die erkenning van state en regerings; jurisdiksie en internasionale misdade insluitende die gronde vir jurisdiksie, immuniteit van jurisdiksie, internasionale beskerming van menseregte, die behandeling van vreemdelinge en vlugteling, en uitlewering; die rol van internasionale en regionale organisasies in die bereddering van konflikte en die handhawing van internasionale en regionale vrede en veiligheid; - die vermoë om teoretiese en praktiese vraagstukke in komplekse feitestelle krities te analiseer deur die toepassing van die basiese terminologie, reëls, beginsels en teorieë van die Volkereg in die formulering van samehangende, gemotiveerde en waardegedrewe oplossings vir komplekse probleme in onbekende kontekste in hierdie studieveld; - die vermoë om standpunt in te neem oor etiese vraagstukke onderliggend aan spesifieke aangeleenthede in die Volkereg; en - die vermoë om regsnavorsing te onderneem, relevante etiese en regsvraagstukke te identifiseer, voorgeskrewe en self-geïdentifiseerde materiaal krities te analiseer, kreatief te dink, individueel of in groepe regsargumente samehangend, akkuraat en bondig te formuleer en aan te bied.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		

Modulekode: JURI 317	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Navorsingsmetodologie		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik: • 'n omvangryke en sistematiese kennis en 'n samehangende en kritiese begrip van die basiese konsepte van regsnavorsing, die prosesse van navorsingsmetodes, inligtingversameling en -integrering, die navorser-studieleier verhouding, navorsingskryfwerk, die elementêre navorsingsvoorstel en die verwysings- en skryfstyl van die Regsfakulteit, NWU; • die vermoë om 'n gegewe werklikheidsprobleem van minder kompleksiteit te analiseer, om inligtingversameling te beplan, om inligting te versamel vanuit beperkte aantal bronne, en om sy/haar kennis toe te pas op die konstruksie van fundamentele/minder uitgebreide navorsingsvoorstel, en om laasgenoemde proses te beplan volgens aanvaarde formaat en gebruike; en • die vermoë om inligting voor te dra en suksesvol te kommunikeer, gebaseer op regsargumentasie en diskoers en probleemoplossing strategieë wat voldoen aan die verwagtinge van die navorsingsverslag (JURI 425).		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Geen formele eksamen word in JURI317 afgeneem nie, studente moet een of meer praktiese werksopdragte indien wat as summatiewe assessering sal geld.		
Modulekode: JURI 321	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: Administratiefreg		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module, moet studente oor die volgende beskik: • 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis en 'n samehangende en kritiese begrip van die beginsels en teorieë van die Administratiefreg, met besondere klem op: • die grondwetlike regte wat verband hou met administratiewe geregtigheid; • bronne van die administratiefreg; • substantiewe en prosedurele Administratiefreg, onder meer die konsep en definisie van administratiewe optrede, hersieningsgronde, metodes van beheer oor en kontrole van administratiewe optrede, die prosedure gevolg tydens en remedies beskikbaar op hersiening; • staatsaanspreeklikheid en • die interaksie tussen Administratiefreg en ander regsdissiplines; • die vermoë om verskillende benaderings tot of problematiese Administratiefregtelike kwessies te analiseer, te kritiseer en kreatiewe oplossings voor te stel wat gebaseer is op 'n grondige waarde-sisteem en regsbeginsels; • die vermoë om onbekende en komplekse werklike probleme te identifiseer, analiseer en op te los deur die kennis van die Administratiefreg aan te wend en argumente wat teoreties begrond is, te gebruik om oplossings te bereik wat ondersteun word deur die feite; • die vermoë om individueel en in groepsverband effektief, doeltreffend en onafhanklik inligting te bekom wat geïdentifiseer is as noodsaaklik om 'n probleem op te los of om vraagstukke of onderwerpe in hierdie vakgebied op te los of te analiseer; en • die toepaslike mondelinge en skriftelike kommunikasievaardighede wat vereis word om oplossings of analyses effektief te kommunikeer, ook deur gebruik te maak van toepaslike inligtingstechnologie.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		

Modulekode: JURI 322	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: Regspraktyk en Kliniese Regsopleiding		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• die vermoë om afgeronde en sistematiese kennis van die Substantiewe Reg op alle tersaaklike en praktiese aspekte van Regspraktyk en die regsberoep toe te pas; • praktiese vaardighede betreffende konsultasie met kliënte, die opstel van briewe, pleitsukke en saak-analiserings, asook navorsingsvaardighede aangaande die inwin van noodsaaklike inligting; • die vermoë om die vaardighede wat in JURI 122 (Regsvaardighede) verwerf is, toe te pas om sodoende die substantiewe reëls effektief te selekteer om op verskeidenheid gevalle te kan toepas; • deeglike, kritiese begrip van Regsetiek en die toepassing daarvan in die praktyk; en • die vermoë om op effektiewe wyse die basiese beroepsvaardighede binne 'n sivil verhoor-milieu gebaseer op werklikheidsverwante sake/probleme toe te pas, ondersteun deur die nodige tegnologiese hulpmiddels.		
Metode van aflewering: Voltyds/telematies		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 323	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: Hooggeregshofprosesreg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van Hooggeregshofprosesreg en die vernameste verwante velde daarvan, en 'n gedetailleerde kennis van die jurisdiksie van die Hooggeregshof met betrekking tot afdelings en aard van eise; <i>locus standi in iudicio</i> en sitering van partye; siviele prosedure in die Hooggeregshof; • die opstel van en betekening van dagvaardings, kennisgewing van mosie, lasbriewe, kennisgewings en pleitsukke; berekening van <i>dies induciae</i> by erkenning van ontvangs van hofstukke en ander regsdokumente; opsies beskikbaar verweerd en 'n respondent; voorbereiding vir 'n siviele verhoor en die verhoorprosedure wat gevolg moet word, en die uitsprake/vonnisse van 'n Hooggeregshof; • die vermoë om goedgestruktureerde regsgeldige opinies/argumente en hof- of ander regsdokumente voor te berei, op te stel, aan te bied, en te evalueer gebaseer op toepaslike etiese grondslag; en • moet in staat wees om 'n onbekende, komplekse feitestel krities te ontleed deur middel van inisiatief en effektiewe inligtingonttrekking en navorsingsvaardighede, en moet oplossings kan voorstel deur gebruikmaking van teoriegedrewe en bewysstuk-gebaseerde argumente.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		

Modulekode: JURI 324	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: Fundamentele Regte		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n afgeronde en sistematiese kennis van die terminologie, geskiedenis, teorie en klassifikasie van menseregte en fundamentele regte in die algemeen; die toepassing, beperking en interpretasie van die Suid-Afrikaanse Handves van Regte in die algemeen, en van spesifiek die volgende groepe regte in die Handves van Regte: die normatiewe fundamentele regte; die afweerregte; die gemeenskapsgeoriënteerde fundamentele regte; die fundamentele regte op staatsprestasie; en die prosessuele fundamentele regte; • die vermoë om teoretiese en praktiese vraagstukke in komplekse feitestelle krities te analiseer deur die toepassing van die basiese terminologie, reëls, beginsels en teorieë van Fundamentele Regte in die formulering van samehangende, gemotiveerde en waardegedrewe oplossings vir komplekse probleme in onbekende kontekste in hierdie studieveld; • die vermoë om standpunt in te neem oor etiese vraagstukke onderliggend aan spesifieke aangeleenthede in Fundamentele Regte; en • die vermoë om regsnavorsing te onderneem, relevante etiese en regs-vraagstukke te identifiseer, voorgeskrewe en self-geïdentifiseerde materiaal krities te analiseer, kreatief te dink, individueel of in groepe regsargumente samehangend, akkuraat en bondig te formuleer en aan te bied.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 325	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: Bewysreg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n vakkundige en gespesialiseerde kennis van die reëls wat die bewys van feite in gereghof reguleer (met uitsluiting van die toelaatbaarheidsreëls). In besonder moet hulle rekenskap kan gee van die volgende aspekte: - o die begrippe, reëls en beginsels van die bewysreg; - o die reëls wat op getuies van toepassing is; - o die reëls wat van toepassing is op die aanbieding van die verskillende vorme van getuienis; - o bewysverskaffing by wyse van geregtelike kennisname, formele erkennings en vermoedens; - o die bewyslas; - o die bewysmaatstawwe; - o die bewyskrag en beoordeling van getuienis. • die vermoë om die bewysregreëls op die verskillende stadia van 'n verhoor te kan toepas, om onbekende probleemstelle te kan analiseer en oplossings aan die hand te doen wat op getuienis gegrond is, wat teoreties begrond is en in ooreenstemming is met die etiese reëls van die regsberoep. • die vaardighede om inligting vir navorsingsdoeleindes, vir doeleindes van probleemoplossing of met die oog op voorbereiding vir die verhoor in te samel, te interpreteer, te analiseer en te integreer, en om die resultaat daarvan te kan weergee in mondelinge, geskrewe of elektroniese formaat wat voldoen aan die voorgeskrewe vormvereistes, en wat die kommunikasievaardighede openbaar wat van leerder op hierdie vlak verwag kan word.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		

Modulekode: JURI 326	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: Insolvensiereg		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n goed afgeronde en sistematiese teoretiese en praktiese kennis van insolvensiereg en verwante velde van die reg; • die vermoë om sekwestrasieprosedure en die meegaande proses, begrippe, definisies, reëls, konvensies, formate en beginsels wat eie is aan die insolvensiereg op akademiese en praktiese wyse, eties korrek en op vaste waardesisteem gegrond, krities in probleemoplossing te kan toepas; • die vermoë om die probleemoplossings- en inligtingonttrekkingsvaardighede toe te pas om onbekende, konkrete en swak gedefinieerde probleme in die veld van die insolvensiereg effektief aan te pak, dit te analiseer en argumente te formuleer om as oplossings aan te bied, met voldoende getuienis gegrond op relevante teorieë en grondbeginsels; • die vermoë om deur akademies-professionele redevoering inligting te integreer en tot samehangende en goed beredeneerde verslag saam te voeg en op te teken en om dit mondeling of geskrewe, individueel of in groepe, aan leke- en professionele gehore te kommunikeer deur die gebruik van IT toerusting.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 327	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: Besondere Kontrakte		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n deeglik afgeronde en sistematiese kennis met spesifieke verwysing na die regsbeginsels van toepassing op die volgende besondere kontrakte: • koopkontrak; • verkoop van onroerende eiendom; - o -kredietooreenkomste; - o -borgkontrak en - o -huurkontrak. • die vermoë om 'n feitestel te analiseer, die kennis toe te pas en moontlike oplossings te formuleer; • die vermoë om aan die hand van 'n feitestel die reg na te vors, moontlike oplossings te evalueer en die beste geïntegreerde oplossing vir die probleem te formuleer; en • die vermoë om die reg, toegepas op verskillende feitelike situasies, skriftelik en mondeling te kommunikeer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 411	Semester 1	NKR-Vlak: 8
Titel: Verhandelbare dokumentereg en Elektroniese Handel		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• omvattende en sistematiese kennis van die Verhandelbare dokumentereg en Elektroniese Handel, insluitend wisselverbintenisse, wissels, tjeks, elektroniese handelstransaksies en elektroniese betaalwyses; • ingeligte, samehangende en kritiese begrip van die terminologie, konsepte, reëls, regulasies en beginsels, prosesse en prosedures, toepaslike formate en konvensies binne hierdie studieveld ten einde regskrywing en argumentasie rakende die oplos van tersaaklike komplekse probleme te ondersteun; • die vermoë om komplekse en werklikheidsverwante probleme binne swak gedefinieerde		

konteks te kan ontleed, gebrek aan inligting te kan identifiseer, om die verkryging van inligting uit'n verskeidenheid bronne te kan beplan; die benutting en integrering van kennis met verkreë inligting deur teoriegedrewe en getuienisgebaseerde argumente om eties geloofwaardige en waardegedrewe oplossings te formuleer; • die vermoë om oplossings aan professionele asook leke-gehoë, individueel of in groepsverband, voor te lê deur gebruik te maak van toepaslike elektroniese toerusting en aanvaarbare formate gebaseer op spesifieke konvensies om sodoende ingeligtheid aangaande verwante gebiede te toon; en • leerders moet ook in staat wees om'n akademiese -professionele diskoers ooreenkomstig hierdie vlak van studie op 'n oortuigende/oorredende wyse samehangend te kan voer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 414	Semester 1	NKR-Vlak: 8
Titel: Padongelukvergoeding- en Versekeringsreg		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik: • 'n goed afgeronde en sistematiese kennis van padongelukvergoeding asook versekeringsreg met spesifieke verwysing na: - o die aard en die essensiële elemente van die padongelukke-vergoedingstelsel; - o die spesifieke en toepaslike bepalings van die Padongelukke-vergoedingswet; - o die aard en die elemente van die versekeringsreg; en - o die onderliggende openbaringsplig, wanvoorstelling en waarborge. • die vermoë om feitelike en probleme met betrekking tot padongelukkevergoeding asook die versekeringsreg te ontleed, die navorsing vir die onttrekking van die toepaslike inligting te beplan, ook uit kognitiewe velde; • die vermoë om die verkreë kennis toe te pas om aanspreeklikheid te bepaal en om bewysgebaseerde oplossings te bied, dit in geskikte formaat aan te bied met die hulp van IT toerusting vir voorlegging aan leke sowel as akademiese-professionele gehore deur akademiese-professionele redevoering en regsargumentasie; en • die vermoë om die relevante inligting en regsargumentasie te formuleer en aan te bied met gebruikmaking van die huisstyl, kritiese analise, sintese en evaluering van gegewe data, alles gebaseer op getuienis en 'n gesonde etiese vertrekpunt.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 415	Semester 1	NKR-Vlak: 8
Titel: Skadevergoedingsreg		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik: • 'n uitgebreide en sistematiese kennis van die Skadevergoedingsreg met spesifieke verwysing na die aard en inhoud, doel, bronne, sistematiek, geskiedenis, basiese begrippe, prosesse, prosedures, gebruike, ontstaan en tot niet gaan van eise, bepaling en kwantifisering van skadevergoeding, kompensasie en genoegdoening in geval van delik en kontrakbreuk, die invloed van die grondwetlike bedeling en verjaring van eissoorsake; • die vermoë om'n gegewe feitestel te analiseer, navorsing te doen en inligting te bekom vanuit 'n verskeidenheid bronne, die gebruik van hierdie inligting om 'n oplossing vir die probleem te formuleer wat die vermoë om die probleem in perspektief te beskou en toepaslike regsbeginsels toe te pas illustreer asook die vermoë om hierdie inligting op'n aanvaarbare wyse te kommunikeer binne die regsgemeenskap; en • 'n etiese en waardegebaseerde interpersoonlike benadering op alle vlakke van beredenering.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		

Modulekode: JURI 421	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Boedelbereddering		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik: • 'n omvattende en sistematiese kennis van die bereddering van boedels, met spesifieke verwysing na: - o die administrasie van bestorwe boedels; en - o die administrasie van insolvente boedels. • beredderingsprobleme en feitestelle kan analiseer met verwysing na die verskillende aspekte van - o die administrasie van bestorwe boedels; en - o die administrasie van insolvente boedels. • navorsing vir die onttrekking van inligting kan beplan, ook vanuit kognitiewe velde; • die verkreeë kennis kan toepas om moontlike oplossings te formuleer en dit mondeling en in geskewe formaat met behulp van IT toerusting voor te lê aan leke sowel as akademies-professionele gehore deur akademies-professionele redevoering en regsargumentasie; en • moet die relevante inligting en regsargumentasie kan formuleer en aanbied deur gebruikmaking van die huisstyl, kritiese analise, sintese en evaluering van gegewe data, alles gebaseer op getuienis en 'n gesonde etiese uitgangspunt.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 423	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Verryking en Estoppel		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik: • omvattende en sistematiese kennis en kritiese begrip van die verskynsel - o verryking, die verskillende <i>conditiones</i> van die Suid-Afrikaanse reg, die verbetering van iemand anders se eiendom en die regsposisie van verskillende groepe besitters en okkupeerders/bewoners/huurders; en - o estoppel, die geskiedenis en plek van estoppel in die Suid-Afrikaanse reg; die vereistes vir, effek van en verwer teen die aansoek vir estoppel. • en begrip en gebruik van die teorieë, terme, konsepte en prosedures, konvensies en formate onderliggend aan hierdie studieveld in die ontleiding van feitestelle vir die oplos van komplekse probleme uit swak gedefinieerde kontekste deur gebruik te maak van alle vorme van kommunikasie; • die vermoë om werklike verryking en estoppel in feitlike probleme en kwessies op kritiese wyse onafhanklik, individueel en binne groepsverband te ontleed, navorsing in die verband te beplan, tersaaklike inligting te versamel en om regsgeldig samehangende oplossings en teoriegedrewe argumente te formuleer om die probleme op te los; • die vermoë om regsgeldige argumentering te lewer en oor te dra deur die gebruik van korrekte terminologie en getuienisgebaseerde redevoering aangaande spesifieke onderwerpe.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		

Modulekode: JURI 424	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Regsfilosofie en Etiek		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik: • 'n omvattende en sistematiese kennis asook 'n samehangende en kritiese begrip van verskillende teoretiese benaderings aangaande geselekteerde kwessies/onderwerpe in die reg en regstudie; • die vermoë om verskillende denkskole en teorieë in diepte krities te ontleed en te vergelyk en om gerespekteerde beskouings effektief te gebruik vir die formulering van getuienisgebaseerde en eties geloofwaardige oplossings met betrekking tot geselekteerde regs-etiese vraagstukke. • die vermoë om effektief, doeltreffend en onafhanklik noodsaaklike inligting te bekom vir die oplos van 'n probleem; om kwessies of onderwerpe in Regsfilosofie te ontleed of te evalueer, om oplossings voor te berei/stel en om oorwoë beskouings oor tersaaklike kwessies aarh verskeidenheid gehore deur a kademies-professionele diskoers en aanvaarbare regsgeldige argumentering oor te dra.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURI 425	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Skripsie		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik: • die vermoë om 'n uitvoerbare navorsingsonderwerp binne enige regsvelde te identifiseer; • 'n samehangende en kritiese begrip van die tersaaklike en verwante regsvelde deur die skripsie gedek; • effektiewe en toepaslike onafhanklike navorsingsvaardighede aangaande die gekose onderwerp, insluitend die vermoë om voldoende toepaslike inligting te selekteer, te bekom en te evalueer en die vermoë om die verkreeë inligting krities te ontleed en te beoordeel; • die vermoë om huidige navorsing en kundigheid binne die veld van spesialisering oortuigend te beoordeel en te waardeer en die vermoë om teoriegedrewe, deeglik gestruktureerde en logiese argumente te gebruik om getuienisgebaseerde oplossings vir die geïdentifiseerde probleem te bereik; en • die vermoë om die resultate van die navorsing effektief oor te dra en professioneel aan te bied deur toepaslike taalgebruik en korrekte terminologie, konvensies en toepaslike bibliografiese styl vir regsgeldige akademiese geskrifte.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: skripsie		
Modulekode: JURE 311	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Alternatiewe Geskilbeslegting		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik: • 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis aangaande Alternatiewe Geskilbeslegting en die verwante velde daarvan ggedetailleerde kennis van die volgende gespesialiseerde gebiede: - o Toepaslike geskilbeslegtingsmetodes; - o Huidige problemsituasie met litigasie; - o Voordele en nadele van die Alternatiewe Geskilbeslegtingsproses; - o Doel van die Alternatiewe Geskilbeslegtingsproses; - o Onderhandelings as basiese metode van alle Alternatiewe Geskilbeslegtingsmetodes; - o Mediasie en arbitrasie as algemene Alternatiewe Geskilbeslegtings-metodes		

- o Feitebevinding/feitesoektog, miniverhoor, keuringspaneel, ombudspersoon, huur-n-regter, geskilhersiening, uitvoerende tribunaal, onafhanklike deskundige beslissing, kommissie van ondersoek, skeidsregter, konsillasie, fasiliteerder, Alternatiewe Geskilbeslegting deur middel van wetgewing en raadgevende ondersoek en aanbevelende opinie as nie-algemene geskilbeslegtingsmetodes. • Ontwikkeling van opstel-, aanbied- en kommunikasievaardighede tydens voorbereiding, opstel en aanbod van goedgestruktureerde regsgeldige opinies/argumente (bogenoemde) en Alternatiewe Geskilbeslegtingsdokumente gebaseer op getuienis bekom vanuit verskeidenheid bronne insluitend die internet; individueel of in groepsverband.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 1.5 ure 1:1		
Modulekode: JURE 313	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Belastingreg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n goed afgeronde en sistematiese kennis van Belastingreg met 'n duidelike en kritiese begrip van die begrondende beginsels daarvan; • moet onbekende en/of werklike belastingprobleme of feitestelle kan identifiseer en ontleed; moet belastingaanspreeklikheid kan bepaal deur die toepassing van die tersaaklike begrondingsbeginsels van belastingreg en moet bewysgebaseerde oplossings kan bied; en • moet tersaaklike inligting kan verkry en prosesseer deur kritiese analise, sintese en evaluering van gegewe data, moet huidige navorsing op hierdie gebied op 'n wetenskaplike wyse kan toepas en moet professionele akademiese werk effektief kan oordra.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURP 321	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: Ontwikkelings- en Plaaslike Owerheidsreg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• afgeronde en sistematiese kennis van die aard van ontwikkelings- en plaaslike owerheidsreg verbandhoudend met die fundamentele reg op ontwikkeling en ontwikkelings- en plaaslike owerheidsreg; • samehangende en kritiese begrip van verwante regsgebiede, teorieë en beginsels, reëls, regulasies, terminologie, prosesse en prosedures, formate en konvensies onderliggend aan ontwikkelings- en plaaslike owerheidsreg; • die vermoë om probleme binne swak gedefinieerde konteks te kan ontleed en interpreteer, gebrek aan inligting te kan identifiseer, om die verkryging van inligting uit 'n verskeidenheid bronne te kan beplan; en om die tersaaklikheid en toepassing van die inligting in groepsverband of individueel te kan evalueer; • die vermoë om inligting te integreer met samehangende en regsgeldig deeglik geformuleerde oplossing vir die probleem te vind, en dit mondeling en in geskrewe formaat met behulp van IT toerusting voor te lê aan leke sowel as akademies-professionele gehore; en • die vermoë om huidige navorsing en gevorderde vakkundigheid krities te beoordeel deur middel van teoriegedrewe, eties geloofwaardige en waardegebaseerde argumente.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		

Modulekode: JURP 323	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: Regspluralisme: Godsdienstige Regstelsels		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• volledige en sistematiese kennis, asook samehangende en kritiese begrip van die stelsel van regspluralisme wat deur die 1996-Grondwet se erkenning van godsdienstgebaseerde regstelsels geskep is, die basiese regsbeginsele van wesenlike Moslem-, Hindoe- en Joodse reg en die wisselwerking tussen hierdie stelsels en die toepaslike bepalings in die Handves van Regte en internasionale dokumente; • die vermoë om komplekse stelsels en problematiese teoretiese vraagstukke met betrekking tot regspluralisme te kan identifiseer, ontleed en hanteer deur getuiegebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente toe te pas; • die vermoë om inligting doeltreffend en doelmatig te kan onttrek en prosesseer om sodoende huidige navorsing en literatuur op die gebied van pluralistiese godsdienstige regstelsels te kan ontleed en dit te kan toepas; en • die vermoë om doeltreffend en professioneel skriftelik en mondeling te kan formuleer om oplossings vir stelsels en problematiese teoretiese vraagstukke aan die hand te doen deur middel van 'n reeks verskillende genres wat op die konteks van toepassing is.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURE 411	Semester 1	NKR-Vlak: 8
Titel: Omgewingsreg		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• samehangende en sistematiese kennis asook samehangende en kritiese verstaan van die aard en inhoud van omgewingsreg, omgewingsregbeginsele, omgewings-raamwerkwetgewing, omgewingsinvloedstudies, biodiversiteit, luggehalte, water- en afvalbestuur, mynbou- en energiereg, internasionale omgewingsreg en inleiding tot omgewingsbestuur; • die vermoë om verskillende aspekte van omgewingsreg en beginsele krities te evalueer; • moet onafhanklik navorsing kan doen oor verskillende regsprobleme deur feitestelsels (fiktief en werklik) en oplossings te vind met teoriegedrewe argumente; en • die vermoë om etiese en waardegedrewe argumente ten aansien van bepaalde onderwerpe te formuleer en dit deur middel van rekenaar-tegnologie te kommunikeer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURE 412	Semester 1	NKR-Vlak: 8
Titel: Skynhof		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• die vermoë om individueel en in groepsverband ingewikkelde nasionale en internasionale regsprobleme en vraagstukke te identifiseer, te ontleed en op te los deur gebruik te maak van teoriegedrewe argumente insluitend: - o Die vermoë om vanuit verskeidenheid bronne inligting te put, daardie inligting, asook inligting uit verwante studievelds, te evalueer en te integreer in die oplossing van probleme en die voorbereiding van 'n betoog; en - o die vermoë om 'n argument/verslag aan 'n leke en professionele gehore oor te dra en 'n akademies-professionele diskoers op 'n getuieisgebaseerde wyse te handhaaf. • die vermoë om studietake outonoom, professioneel en eties te bestuur.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 4:6		

Modulekode: JURE 413	Semester 1	NKR-Vlak: 8
Titel: Intellectuele goederereg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van die module moet die studente oor die volgende beskik:		
• 'n omvattende en sistematiese kennis van die reg ten opsigte van intellektuele goedere met besondere verwysing na die beginsels van die reg op werfkrag, onregmatige mededinging, die reg ten opsigte van handelsmerke, outeursreg en die reg ten opsigte van modelle en patente sowel as die verwantskap daarvan met ooreenkomstige regsvelde; • moet op 'n korrekte wyse en met vertroue die toepaslike terminologie kan verstaan en gebruik, met inbegrepe die vermoë om begrippe wat eie is aan intellektuele-goederereg in samehang te kan analiseer; • moet ingewikkelde alledaagse intellektueelgoedereregtelik-gerigte omstandighede en probleme kan identifiseer en eties daarmee kan handel in die lig van die toepaslike intellektueelgoedereregtelike grondslae soos gevind in die gemeenereg, regspraak, wetgewing en relevante getuienis; • moet oor inligtingstoegangs- en onttrekkingsvaardighede beskik asook die vermoë om navorsingstof op die gebied van intellektuele goedere met bedrewenheid en kundigheid te kan aanwend en moet verder akademies-professionele stof effektief by wyse van redevoering en toepaslike regsuitleg met gebruikmaking van die kontekstueel-relevante inligtingstegnologie kan voordra.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 4 ure 1:1		
Modulekode: JURP 411	Semester 1	NKR-Vlak: 8
Titel: Sosio-ekonomiese Regte		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n omvattende en sistematiese kennis van die verskillende sosio-ekonomiese regte in die Grondwet; • 'n samehangende en kritiese begrip van die beginsels en teorieë wat sosio-ekonomiese regte onderlê; • doeltreffende en effektiewe inligtingsontsluiting en prosesseringsvaardighede om in bestaande navorsingsvelde van sosio-ekonomiese regte betrokke te wees; • 'n vermoë om komplekse probleme en probleme verwant aan die werklikheid te identifiseer, te analiseer en daarmee te handel deur die ontsluite inligting te gebruik om getuienisgebaseerde oplossings vir sosio-ekonomiese regte-problematiek individueel en in groepe weer te gee; en • 'n vermoë om sosio-ekonomiese navorsing effektief, eties-korrek en waarde-gedrewe aan te bied en te kommunikeer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		

Modulekode: JURE 421	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Internasionale Privaatreg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n deeglik afgeronde en sistematiese kennis met spesifieke verwysing na die regsbeginsels van toepassing op die Internasionale Privaatreg; • die vermoë om 'n feitestel te analiseer, die kennis toe te pas en moontlike oplossings te formuleer; • die vermoë om aan die hand van 'n feitestel die reg na te vors, moontlike oplossings te evalueer en die beste geïntegreerde oplossing vir die probleem te formuleer; en • die vermoë om die reg, toegepas op verskillende feitlike situasies, skriftelik en mondeling te kommunikeer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		
Modulekode: JURP 421	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Grond- en Aktesreg		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module moet studente oor die volgende beskik:		
• 'n omvattende en sistematiese kennis van artikel 25 van die Grondwet met betrekking tot - o die geskiedenis van grondadministrasie en grondbeleid; - o wetgewing en regulering van grondregistrasie, deeltitels, aandeleblokke, eiendomstyddeling, aftree-oorde en beperkte saaklike regte ten opsigte van liggaamlike en onliggaamlike onroerende goed; en - o grondhervormingsprogramme en wetgewing. • 'n samehangende en kritiese begrip van die beginsels, reëls, teorieë, formaat en gebruike waarop grondhervorming, grondregistrasie en grondbeheer gebaseer is; • die analisering van probleme, navorsing en inligtingontsluitingsvaardighede met betrekking tot probleemoplossing van feitestelle en regspraakstukke; • die vermoë om ingesamelde kennis te evalueer en dit verstaanbaar te integreer in bewese en teoreties gebaseerde argumente/oplossings; en • die vermoë om oplossings skriftelik en rekenaarmatig op te stel en waardegedewe grondslag te kommunikeer en aan te bied aan leke en akademies-professionele persone.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 3 ure 1:1		

R.2.2 MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Modulekode: AFNP 111	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Taal sonder grense		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om - die basiese beginsels en reëls onderliggend aan die Afrikaanse taalgebruikskunde te verstaan en in te oefen; - verskillende tekstipes in Afrikaans te onderskei en krities-evaluerend daarmee om te gaan; - sowel funksionele as estetiese Afrikaanse tekste te ontleed, te interpreteer en te evalueer; - kernbegrippe uit die narratologie aan die hand van geselekteerde Afrikaanse en Nederlandse kortverhale te kan verduidelik.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%		
Modulekode: AFNP 121	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Afrikaanse en Nederlandse taal- en literatuurstudie: die wetenskaplike proses		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om - Afrikaanse en Nederlandse poësie- en dramatekste te analiseer met behulp van 'n teoreties-gefundeerde leesstrategie; - die estetiese en ideologiese aspekte van Afrikaanse en Nederlandse gedigte en dramas te identifiseer en te beskryf; - die basisbegrippe van die semantiek te begryp; en - verteenwoordigende Afrikaanse voorbeelde semanties te analiseer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%		
Modulekode: AFNP118	Semester 1 & 2	NKR-vlak: 5
Titel: Beginnersafrikaans: Inleidend		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om - oor 'n basiese woordeskat van Afrikaans te beskik; - Afrikaanse woorde reg uit te spreek; - genoegsame kennis van grammatika te hê om enkelvoudige sinne te kan skryf; - eenvoudige vertaalwerk van Engels na Afrikaans te doen; en - deel te neem aan 'n eenvoudige gesprek in Afrikaans.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse, opdragte, werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		

Modulekode: AFNP128	Semester 1 & 2	NKR-vlak: 5
Titel: Beginnersafrikaans: Gevorderd		
Module-uitkomst: In hierdie module behoort die student • 'n redelik uitgebreide woordeskat in Afrikaans te verwerf; • enkelvoudige sowel as saamgestelde sinne te leer formuleer; • 'n gesprek oor alledaagse onderwerpe in Afrikaans te kan voer; en • informele tekste vanuit Engels te kan vertaal.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse, opdragte, werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1x2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: AGLA111	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Inleiding tot Akademiese Geletterdheid		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • basiese kennis van leerstrategieë, akademiese woordeskat en register asook die lees en skryf van akademiese tekste te demonstreer ten einde doeltreffend binne die akademiese omgewing te funksioneer; • op gepaste wyse binne 'n akademiese omgewing effektief mondelings en skriftelik as individu en as lid van 'n groep te kan kommunikeer; • basiese akademiese tekste te verstaan, interpreteer, evalueer en op koherente wyse toepaslike akademiese genres te kan skryf deur gebruik te maak van akkurate en toepaslike akademiese konvensies. • binne 'n etiese raamwerk akkuraat, vlot en toepaslik te kan luister, praat, lees, skryf en leer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen: 1x2 uur — gewig 40%		
Modulekode: AGLA121	Semester 1 & 2	NKR-vlak: 5
Titel: Akademiese Geletterdheid		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student • oor fundamentele kennis beskik van toepaslike rekenaarprogramme, leer-, luister-, lees- en skryfstrategieë kan toepas, akademiese taalregister kan gebruik en akademiese tekste kan lees en kan skryf, ten einde doeltreffend binne die akademiese omgewing te kan funksioneer; • as 'n individu en as lid van 'n groep effektief mondelings en skriftelik op 'n etiese verantwoordelike en toepaslike wyse kan kommunikeer in 'n akademiese omgewing; • wetenskaplike inligting binne 'n verskeidenheid studieterreine as individu en in groepsverband kan soek en versamel, tekste kan ontleed, interpreteer, evalueer en op koherente wyse sintetiseer en oplossings voorstel in toepaslike akademiese genres deur gebruikmaking van linguistiese konvensies soos gebruik in formele taalregisters.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1x2 uur — gewig 40%		

Modulekode: AKLR 112	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Ou nabye Ooste en Griekeland		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om:		
• die ontwikkeling van 'n kultuur te evalueer en beskryf vanaf die voor-historiesetydperk; • antieke kulture van die Ou Nabye Ooste te kan bespreek en evalueer; • die kultuur en politieke ontwikkeling van antieke Griekeland te kan bespreek; en • die geskiedenis en daaglikse lewe van klassieke Griekeland te kan beskryf.		
Metode van aflewering: Voltyds/ Telematies		
Assesseringsmetodes: PK 1x1.5 1:1		
Modulekode: AKLR 122	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Antieke Rome en ander Kulture		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om:		
• Romeinse sosiale geskiedenis, die ontwikkeling van die Romeinse regstelsel en die konstitusionele ontwikkeling van Rome te bespreek; • basiese Latynse regsterminologie te herken en vertaal; • algemene Latynse terme en afkortings te herken en vertaal; • die invloed van Latyn op sy alledaagse lewe te herken; • die kulture van Bisantium, die Islam en sekere Afrikakultuur in hooftrekke te bespreek.		
Metode van aflewering: Voltyds/ Telematies		
Assesseringsmetodes: PK 1x1.5 1:1		
Modulekode: ATSN 111	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Setswana: Inleidende Grammatika en Taalvaardigheid		
Module-uitkomst: By voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om		
• fundamentele kennis en begrip oor die vorming van noodsaaklike funksionele grammatikale strukture van Setswana te toon; • 'n basiese spreekvaardigheid in Setswana individueel en in groepe te toon; • elementêre individuele Setswana-luistervaardigheid te toon; • 'n individuele leesvaardigheid in Setswana te toon.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%		
Modulekode: ATSN 121	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Setswana: Grammatika en Taalvaardigheid		
Module-uitkomst: By voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om		
• fundamentele kennis en begrip oor die vorming van noodsaaklike funksionele grammatikale strukture van Setswana te toon; • 'n basiese spreekvaardigheid in Setswana individueel en in groepe te toon; • elementêre individuele Setswana-luistervaardigheid te toon; • 'n individuele leesvaardigheid in Setswana te toon; • 'n individuele basiese skryfvaardigheid in Setswana te toon.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%		

Modulekode: ENLL 111	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Introduction to literary genres (I)		
Module outcomes: On completion of this module students should be able to - Understand the fundamental concepts and characteristics of literary genres; - Analyse and interpret literary texts with a view to their generic elements; - Develop arguments based on textual evidence in the course of the interpretation of literary texts; - Present sustained arguments about texts in accordance with appropriate academic conventions, in particular in academic essays.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: ENLL 121	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Introduction to literary genres (II) and grammatical analysis		
Module outcomes: On completion of this module students should be able to - Understand the fundamental concepts and characteristics of literary genres; - Analyse and interpret literary texts with a view to their generic elements; - Develop arguments based on textual evidence in the course of the interpretation of literary texts; - Present sustained arguments about texts in accordance with appropriate academic conventions, in particular in academic essays; - Understand the fundamental concepts of grammatical analysis; - Analyse and interpret simplex clauses in terms of their constituent elements and the grammatical functions thereof.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: ENLS 111	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: English for specific purposes		
Module outcomes: On completion of this module students should be able to: - demonstrate knowledge of the nature of words - demonstrate knowledge of the nature of sentences - demonstrate basic knowledge of the language used in literary texts - plan and write an essay.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: ENLS 121	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Practical English for Professional Purposes		
Module outcomes: On completion of this module students should be able to: - identify, understand and respond to various text types - plan and write different kinds of texts (e.g. business letters, reports, essays) using the appropriate language and style for each.		
Metode van aflewering: Voltyds		

Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: ENLL 211	Semester 1	NKR-Vlak: 6
Titel: Development of literary genres (I) and development of grammatical complexity		
Module outcomes: On completion of this module students should be able to • Understand key characteristics of the most significant pre-twentieth century literary periods; • Understand the development of pre-twentieth century poetry/prose fiction; • Engage critically with literary and contemporaneous critical texts through analysis and synthesis; • Present sustained arguments about texts, with arguments substantiated from text and context, in accordance with appropriate academic conventions, in particular in academic essays; • Understand the concepts of complex linguistic structures; • Analyse and interpret complex words and clauses in terms of their constituent elements and the grammatical functions thereof.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 2X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: ENLL 221	Semester 2	NKR-Vlak: 6
Titel: Development of literary genres (II) and applied linguistics		
Module outcomes: On completion of this module students should be able to • Understand key characteristics of the most significant pre-twentieth century literary periods; • Understand the development of pre-twentieth century poetry/prose fiction; • Engage critically with literary and contemporaneous critical texts through analysis and synthesis; • Present sustained arguments about texts, with arguments substantiated from text and context, in accordance with appropriate academic conventions, in particular in academic essays; • Understand and evaluate the theoretical bases of the discipline of Applied Linguistics; • Apply and evaluate relevant approaches to Teaching English to Speakers of Other Languages (TESOL) and English for Academic Purposes (EAP).		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 2X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: ENLL 311	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Key periods in literature, historical linguistics and stylistics		
Module outcomes: On completion of this module students should be able to • Explain the ideas, characteristics and contexts relevant to Renaissance literature; • Explain the key qualities and contexts relevant to Modernist literature; • Analyse selected Renaissance and Modernist texts critically, with reference to the conceptual frameworks for the study of these periods; • Present sustained arguments about Renaissance and Modernist literature, and integrate contextual and critical sources appropriately;		

• Explain selected concepts relevant to diachronic linguistic and stylistic analysis; • Analyse diachronic data and literary texts by means of appropriate linguistic concepts • Critically select appropriate analytical techniques to solve problems arising from unseen texts; • Present sustained arguments about linguistic phenomena, and integrate data analysis and interpretation appropriately.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 2X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: ENLL 321	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: South Africa and the world: Postmodern and contemporary literature, sociolinguistics and advanced linguistics analysis		
Module outcomes: On completion of this module students should be able to • Explain the ideas, qualities and contexts relevant to postmodern and contemporary literature, including South African literature; • Analyse selected postmodern and contemporary texts critically; • Present sustained arguments about postmodern and contemporary literature following accepted academic conventions with respect to language, style, and source referencing, and integrate contextual and critical sources appropriately; • Understand and explain the concepts relevant to sociolinguistic and textual analysis; • Analyse a wide variety of texts in different registers and dialects in terms of their unique and shared linguistic characteristics; • Explain observed linguistic patterns in terms of underlying linguistic-functional and socio-linguistic variables; • Present sustained arguments about linguistic phenomena, and integrate data analysis and interpretation appropriately.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 2X3 uur — gewig: 40%		
Modulekode: FREN 111	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Frans vir beginners 1		
Module-uitkomst: By voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees • om bewys te lewer van 'n basiese kennis van die Franse taal wat betref die verstaan (lees en luister), praat en skryf daarvan om hulself sodoende op 'n beginnersvlak te kan uitdruk; • om analitiese, sintetiserings- en evaluasievaardighede te gebruik om basiese Franse tekste te verstaan en te skryf; • om rekenaarvaardighede te gebruik om take uit te voer en om binne 'n eties aanvaarde raamwerk individueel of in groepe na te dink oor hul leer; • om basiese kennis en bewustheid van die Franse kultuur en die alledaagse Franse gemeenskap te demonstreer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		

Modulekode: FREN 121	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Frans vir beginners 2		
Module-uitkomst: By voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees		
- om bewys te lewer van 'n basiese kennis van die Franse taal wat betref die verstaan (lees en luister), praat en skryf daarvan om hulself sodoende op 'n beginnersvlak te kan uitdruk; - om analitiese, sintetiserings- en evaluasievaardighede te gebruik om basiese Franse tekste te verstaan en te skryf; - om rekenaarvaardighede te gebruik om take uit te voer en om binne 'n eties aanvaarde raamwerk individueel of in groepe na te dink oor hul leer; - om basiese kennis en bewustheid van die Franse kultuur en die alledaagse Franse gemeenskap te demonstreer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: FREB111	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Sakefrans vir beginners 1		
Module-uitkomst: By voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees		
- om bewys te lewer van basiese kennis van die Franse taal wat betref die verstaan (lees en luister), praat en skryf van dié taal om hulself sodoende te kan uitdruk in basiese sake- en algemene kontekste; - om analitiese, sintetiserings- en evaluasievaardighede te gebruik om basiese Franse tekste te verstaan en te skryf; - om basiese dokumente wat betrekking het om hul spesialisasieveld te analiseer en te vertaal; - om kulturele bewustheid, spesifiek in terme van die verskillende sakekontekste in Suid-Afrika en Franssprekende lande, te demonstreer in die uitvoer van kommunikatiewe take.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: FREB121	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Sakefrans vir beginners II		
Module-uitkomst: By voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees		
- om bewys te lewer van basiese kennis van die Franse taal wat betref die verstaan (lees en luister), praat en skryf van dié taal om hulself sodoende te kan uitdruk in basiese sake- en algemene kontekste; - om analitiese, sintetiserings- en evaluasievaardighede te gebruik om basiese Franse tekste te verstaan en te skryf; - om rekenaarvaardighede te gebruik om take uit te voer en om binne 'n eties aanvaarde raamwerk individueel of in groepe na te dink oor hul leer; - om basiese dokumente wat betrekking het om hul spesialisasieveld te analiseer en te vertaal; - om kulturele bewustheid, spesifiek in terme van die verskillende sakekontekste in Suid-Afrika en Franssprekende lande, te demonstreer in die uitvoer van kommunikatiewe take.		
Metode van aflewering: Voltyds		

Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: GERM 111	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Duits elementêr 1		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om • die basiese uitspraakreëls van Duits te verstaan; • die basiese grammatikareëls van Duits te verstaan en te kan toepas; • oor 'n woordeskat op elementêre vlak te beskik; • basiese uitdrukkings op elementêre vlak te verstaan; • analitiese, sintetiese en evalueringsvaardighede te kan aanwend om eenvoudige tekste te kan lees en skryf; • 'n basiese kennis van die lewe en kultuur in Duitssprekende lande in vergelyking met Suid-Afrika te hê; • inligtingstegnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handelinge te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke – gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur – gewig: 40%		
Modulekode: GERM 121	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Duits elementêr 2		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om • vertrouwd te wees met die basiese uitspraakreëls in Duits; • die basiese grammatikareëls in Duits te ken en kan toepas; • oor 'n basiese woordeskat te beskik; • basiese uitdrukkings in Duits te verstaan; • 'n basiese gesprek in Duits op elementêre vlak te kan voer; • analitiese, sintetiese en evalueringsvaardighede te kan toepas om eenvoudige en relevante tekste te kan lees, skryf en vertaal; • 'n basiese kennis van die lewe en kultuur in Duitssprekende lande in vergelyking met Suid-Afrika te hê; • inligtingstegnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handelinge te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke – gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur – gewig: 40%		
Modulekode: GERB111	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Sakeduits Elementêr 1		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om • die basiese uitspraakreëls van Duits te verstaan; • die basiese grammatikareëls van Duits te verstaan en kan toepas; • oor 'n woordeskat op elementêre vlak te beskik; • basiese uitdrukkings op elementêre vlak te verstaan; • analitiese, sintetiese en evalueringsvaardighede te kan aanwend om eenvoudige tekste te kan lees en skryf; • 'n basiese kennis van die lewe en kultuur in Duitssprekende lande in vergelyking met Suid-Afrika te hê;		

inligtingstegnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handelinge te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke - gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur - gewig: 40%		
Modulekode: GERB121	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Sakeduits Elementêr 2		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om - vertroud te wees met die basiese uitspraakreëls in Duits; - die basiese grammatikareëls in Duits te ken en kan toepas; - oor 'n basiese woordeskat te beskik; - basiese uitdrukkings in Duits te kan verstaan; 'n basiese gesprek in Duits op elementêre vlak te kan voer; - hulle analitiese, sintetiese en evalueringsvaardighede te kan toepas om eenvoudige en relevante tekste te kan lees, skryf en vertaal; 'n basiese kennis van die lewe en kultuur in Duitssprekende lande in vergelyking met Suid-Afrika te hê; - inligtingstegnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handelinge te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke - gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur - gewig: 40%		
Modulekode: JURI 112	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Taalvaardigheid in die Regskonteks		
Module uitkomst: Na voltooiing van hierdie module moet leerders oor die volgende beskik: - Fundamentele kennis en ingeligte begrip van die regskommunikasieproses en die verskillende komponente wat gedurende die proses 'n rol speel; - Suksesvolle kommunikasie deur verskillende metodes van verslaglewering (bv. skriftelik en mondeling) in Afrikaans en Engels op 'n fundamentele vlak van vlotheid in albei tale; - Suksesvolle begrip, uitlegvermoë en/of interpretasie van geskrewe en mondelinge verslae binne 'n regskonteks; en - Die gebruik en toepassing van basiese redeneringsbeginsels om 'n beskouing suksesvol te kan argumenteer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke - gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur - gewig: 45%		
Modulekode: LATN 112	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Latyn vir almal		
Module uitkomst: Die student moet in staat wees om: - eenvoudige Latynse passasies te kan vertaal - toepaslike woordeskat te ken - enkele buigingsvorme en grammatikale konstruksies in Latyn te kan herken - Latynse frases te kan weergee - Die Latynse oorsprong van Afrikaanse en Engelse woorde te herken - geskiedkundige en oudheidkundige temas uit die laat republikeinse tydperk te kan bespreek		

Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 1x2 ure		
Modulekode: LATN 122	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Regs- en Kerklaryn		
Module uitkomst: Die student moet in staat wees om: • toepaslike Latynse tekste uit óf die Christelike óf die Regsliteratuur te kan vertaal • verdere grammatikale buigingsvorme en grammatikale konstruksies wat in die gekose tekste voorkom te herken en te verduidelik • toepaslike woordeskat te ken • grondige kennis te hê van regs- en kerks terminologie in Latyn • geskiedkundige en oudheidkundige temas wat met die lewe en werke te doen het, uit die laat republikeinse tydperk te kan bespreek		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: PK 1x3 ure		
Modulekode: PHIL 111	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Etiese Vraagstukke		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module sal 'n student verskillende standpunte oor etiese vraagstukke kan evalueer omdat sy/hy • 'n basiese kennis toon van die meta-etiek (waaronder die verhouding tussen etiese handeling en wêreldbeskouing, etiese perspektiewe soos die deontologiese en teleologiese, en die aard van etiese handeling en etiese norme) • vertrou is met toegepaste etiese temas en vraagstukke soos die etiek van doodmaak (aborsie, doodstraf, oorlog, geweld), die etiek van verhoudinge (vriendskap, seksualiteit, die huwelik), die etiek van diskriminasie (rassisme, seksisme, homoseksualiteit, xenofobie) en professionele etiek (mediese-, bestuurs- en wetenskapsetiek). 'n Student sal verder in staat wees om toepaslike filosofiese konsepte en metodes te gebruik ten einde • minstens vanuit 'n gevestigde wêreldbeskoulike posisie (bv. die Christelike) 'n eie mening te vorm oor etiese kwessies, • toepassings van die kennisbasis en eie siening te maak, en op tipies filosofiese wyse verslag te doen oor haar/sy nuwe kennis en standpunte.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
Modulekode: PHIL 121	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Denkvaaardighede		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module sal 'n student • 'n basiese kennis hê van maniere van analise en kritiese oordeel oor die logiese strukture en • die wêreldbeskoulike onderbou (w.o. 'n inleiding in die hermeneutiek, ideologiekritiek, transendentale kritiek ens.) van sy eie en ander se maniere van dink, argumenteer en kyk na die wêreld. 'n Student sal verder in staat wees om toepaslike filosofiese konsepte en metodes te gebruik ten einde • minstens vanuit 'n gevestigde wêreldbeskoulike posisie (bv. die Christelike) 'n eie mening oor argumente en denkpatrone te vorm, • toepassings van die kennisbasis en eie siening te maak in die vorm van argumentsontleding en -kritiek,		

en op tipies filosofiese wyse verslag te doen oor haar/sy nuwe kennis en standpunte.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
Modulekode: PHIL 211	Semester 1	NKR-Vlak: 6
Titel: Ontologie		
Module-uitkomst:		
Na afloop van hierdie module sal 'n student 'n deeglike kennisbasis hê van		
• 'n filosofiese leer oor die aard van die werklikheid, waarin • die verhouding tussen wêreldbeskouing en religie veral aandag kry, en waar • die konsekwensies van 'n breë kyk na die werklikheid vir aspekte van die werklikheid soos wetenskap en samelewing, duidelik word.		
'n Student sal verder in staat wees om toepaslike filosofiese konsepte en metodes te gebruik ten einde		
• minstens vanuit 'n gevestigde wêreldbeskoulike posisie (bv. die Christelike) 'n eie mening oor die aard van die werklikheid te vorm, • toepassings van die kennisbasis en eie siening te maak,		
en op tipies filosofiese wyse verslag te doen oor haar/sy nuwe kennis en standpunte.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen (huistoeneem-vraestel) 1X24 uur — gewig 50%		
Modulekode: PHIL 221	Semester 2	NKR-Vlak: 6
Titel: Geskiedenis van die Filosofie		
Module-uitkomst:		
Na afloop van hierdie module sal 'n student in staat wees om 'n deeglike kennisbasis te demonstreer van idees, temas en denkers in die geskiedenis van die Westerse denke in die vorm van		
• óf 'n bespreking van temas in die ideëgeskiedenis (bv. rasionaliteit, natuur/kultuur, orde, kompetisie/konflik ens.), • óf 'n bespreking van typerke (bv. die antieke Grieke, Middeleeue ens.), prominente figure (bv. Plato, Kant ens.) en temas (bv. die metafisika, etiek ens.) in die geskiedenis van die filosofie.		
'n Student sal verder in staat wees om toepaslike vorme van filosofiese ondersoek en beredenering te gebruik ten einde		
• 'n samehangende eie siening te vorm vanuit 'n gevestigde wêreldbeskouing (bv. die Christelike perspektief) oor die idees en temas in die geskiedenis van die filosofie wat hy/sy bestudeer het, • toepassings van die kennisbasis en eie siening te maak,		
en op tipies filosofiese wyse verslag te doen van haar/sy kennis, standpunte en toepassings.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen (huistoeneem-vraestel) 1X24 uur — gewig 50%		
Modulekode: PHIL 311	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Mens, Kennis en Samelewing		
Module-uitkomst:		
Na afloop van hierdie module sal 'n student in staat wees om		
• 'n omvattende kennisbasis te toon van een of twee van die volgende filosofiese subdissiplines: die filosofiese antropologie, die kenteorie, wetenskapsfilosofie en/of die samelewingsfilosofie.		

'n Student sal verder in staat wees om 'n veelheid vorme van filosofiese ondersoek en beredenering te implementeer ten einde • hierdie temas te evalueer en 'n eie mening daaroor te formuleer waarin bewys gelewer word van 'n eie wêreldbeskouing, • hy/sy sy/haar kennis en eie standpunt kan toepas op vraagstukke in ons huidige leefwêreld, en op tipies filosofiese wyse 'n bewysgebaseerde verslag te skryf oor bevindinge.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen (huistoeneem-vraestel) 1X24 uur — gewig 50%		
Modulekode: PHIL 312	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Kultuur en Moraliteit		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module sal 'n student in staat wees om • 'n omvattende kennisbasis te toon van een of twee van die volgende filosofiese subdissiplines: kultuurfilosofie en/of filosofiese etiek. 'n Student sal verder in staat wees om 'n veelheid vorme van filosofiese ondersoek en beredenering te implementeer ten einde • hierdie temas te evalueer en 'n eie mening daaroor te formuleer waarin bewys gelewer word van 'n eie wêreldbeskouing, • hy/sy sy/haar kennis en eie standpunt kan toepas op vraagstukke in ons huidige leefwêreld, • en op tipies filosofiese wyse 'n bewysgebaseerde verslag te skryf oor bevindinge.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen (huistoeneem-vraestel) 1X24 uur — gewig 50%		
Modulekode: PHIL 321	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: Taal, Godsdien, Kuns en Ekonomie		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module sal 'n student in staat wees om • 'n omvattende kennisbasis te toon van een of twee van die volgende filosofiese subdissiplines: taalfilosofie, estetika, filosofie van die ekonomie en/of die godsdienfilosofie. 'n Student sal verder in staat wees om 'n veelheid toepaslike vorme van filosofiese ondersoek en beredenering te gebruik ten einde • hierdie temas te evalueer en 'n eie mening daaroor te formuleer waarin bewys gelewer word van 'n eie wêreldbeskouing, • hy/sy sy/haar kennis en eie standpunt kan toepas op vraagstukke in ons huidige leefwêreld, • en op tipies filosofiese wyse 'n bewysgebaseerde verslag te skryf oor bevindinge.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen (huistoeneem-vraestel) 1X24 uur — gewig 50%		
Modulekode: PHIL 322	Semester 2	NKR-Vlak: 7
Titel: Navorsingsprojek		
Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module sal 'n student in staat wees om • 'n omvattende kennisbasis te toon van 'n filosofiese teks wat deel vorm van die sogenaamde filosofiese kanon.		

'n Student sal verder in staat wees om 'n veelheid vorme van filosofiese ondersoekmetodes en beredenering te implementeer, ten einde • standpunte binne hierdie teks te evalueer en 'n eie mening daaroor te formuleer waarin bewys gelewer word van 'n eie wêreldbeskouing, • hy/sy sy/haar kennis en eie standpunt kan toepas op vraagstukke in ons huidige leefwêreld, en op tipies filosofiese wyse bewysgebaseerde verslae te skryf oor bevindinge, waarvan een 'n omvattende verslag oor die voorgeskrewe teks is.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen (huistoeneem-vraestel) 1X24 uur — gewig 50%		
Modulekode: POLI 112	Semester 1	NKR-Vlak: 5
Titel: Inleiding tot Politieke Studie		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • oor 'n grondige kennis te beskik t.o.v. die bestudering van politiek, die oorsprong, ontwikkeling en funksie van die staat en die oorsprong van die demokratiese debat; • die sleutel konsepte, politiek, mag, gesag en legitimiteit te definieer; • 'n analitiese oorsig te kan gee oor die aard, omvang en benaderings tot moderne politieke ideologieë; en • rekenaartegnologie te gebruik om in groepe of individueel te kommunikeer binne 'n aanvaarbare etiese raamwerk.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
Modulekode: POLI 123	Semester 2	NKR-Vlak: 5
Titel: Die Suid Afrikaanse politieke stelsel		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • oor 'n grondige kennis te beskik t.o.v. die konteks van die kontemporêre Suid-Afrikaanse politiek, die struktuur en komponente van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel en hul onderlinge verbande; • koöperatiewe regering te verduidelik; • konsepte soos beleidsformulering, politieke partye en politieke ekonomie binne die Suid-Afrikaanse konteks te verduidelik; en • rekenaartegnologie te gebruik om in groepe of individueel te kommunikeer binne 'n aanvaarbare etiese raamwerk.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
Modulekode: POLI 213	Semester 1	NKR-Vlak: 6
Titel: Vergelykende politiek		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • oor 'n grondige kennis te beskik t.o.v. vergelykende politiek en om die basiese metodes van vergelyking te kan toepas; • die struktuur en veranderlikes van politieke stelsels te beskryf, te analiseer en te verduidelik; • verskillende verteenwoordigende politieke stelsels te vergelyk en te evalueer; en • rekenaartegnologie te gebruik om in groepe of individueel te kommunikeer binne 'n aanvaarbare etiese raamwerk.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		

Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
Modulekode: POLI 223	Semester 2	NKR-Vlak: 6
Titel: Afrika-politiek		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
• oor 'n grondige kennis en begrip te beskik t.o.v. die koloniale en post-koloniale ervaring in Afrika; • die Politieke Ekonomie van gekose Afrika state te analiseer; • streek- en substreek-organisasies in Afrika te identifiseer, krities te evalueer en hul relevansie te bespreek; • die plek van Afrika in die kontemporêre wêreld orde krities te analiseer; en • rekenaartegnologie te gebruik om in groepe of individueel te kommunikeer binne 'n aanvaarbare etiese raamwerk.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		
Toetse en werkstukke — gewig: 50%		
Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
Modulekode: POLI 312	Semester 1	NKR-Vlak: 7
Titel: Politieke Filosofie		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		
